

Die beskerming van kinderslagoffers van seksuele misdrywe, met besondere verwysing na die reg op menswaardigheid en inligting

AM LE ROUX

21103453

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad
Magister Legum in Vergelykende Kinderreg aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof PG du Toit

Mei 2014

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle waardevolle bydraes tot die suksesvolle voltooiing van hierdie skripsi:

- My studieleier, Prof Pieter Du Toit, vir sy bystand, ondersteuning, gewilligheid om te help en die insig en kennis waarmee hy my geleei het.
- My verloofde en beste vriend, DJ Pienaar, vir sy liefde, geduld en ondersteuning.
- My gesin, oupa en vriende vir hulle konstante belangstelling, bemoediging en gebede.
- Spesiale dank ook aan my beste vriendin, Lelanie Ward, vir al die koppies koffie, haar ondersteuning en bemoediging.

OPSOMMING

DIE BESKERMING VAN KINDERSLAGOFFERS VAN SEKSUELE MISDRYWE, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE REG OP MENSWAARDIGHEID EN INLIGATION

Artikel 234 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 bepaal ten einde die kultuur van demokrasie deur die Grondwet ingestel, te versterk, kan die Parlement Handveste van Regte aanneem wat met die bepalings van die Grondwet bestaanbaar is. Ingevolge sy verpligtinge meegebring deur die ratifisering van verskeie internasionale instrumente het die regering die *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika* in 2007 aangeneem. Die *Dienshandves* verleen sewe regte aan 'n slagoffer van 'n misdaad, wat dan ook die kind as 'n slagoffer insluit. Hierdie skripsie het ten doel om ondersoek in te stel na die vraag of die Suid-Afrikaanse regsraamwerk die regte van kinderslagoffers om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, om inligting aan te bied en om inligting te ontvang bevredigend beskerm in die lig van die vereistes van die Grondwet en die internasionale regsraamwerk. As aanvangspunt word daar kortliksondersoek ingestel na die agtergrond en regsaard van die *Dienshandves*. Die agtergrond van die toepaslike internasionale en streeksinstrumente word ook bespreek. Daarna word die teoretiese onderbou van die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, vanuit 'n internasionale, streeks- en 'n Suid-Afrikaanse perspektief, ontleed en verduidelik. Aandag word veral gevestig op die wyse waarop die howe die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word interpreteer. Daar word ook ondersoek ingestel na wat hierdie reg kragtens die *Dienshandves* behels. Daarna word die teoretiese onderbou van die reg om inligting aan te bied en om inligting te ontvang, vanuit 'n internasionale, streeks- en Suid-Afrikaanse perspektief, ontleed en verduidelik. Daar word ook ondersoek ingestel na wat hierdie reg kragtens die *Dienshandves* behels. Ten slotte word 'n gevolgtrekking bereik.

SLEUTELWOORDE: *kinderslagoffer, menswaardigheid, privaatheid, inligting, seksuele misdrywe, Dienshandves*

ABSTRACT

THE PROTECTION OF CHILD VICTIMS OF SEXUAL OFFENCES, WITH SPECIFIC REFERENCE TO THE RIGHT TO HUMAN DIGNITY AND INFORMATION

Section 234 of the *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996, states that in order to deepen the culture of democracy established by the Constitution, Parliament may adopt Charters of Rights consistent with the provisions of the Constitution. In accordance with its obligations caused by ratifying various international instruments, the government adopted the *Service Charter for Victims of Crime in South Africa* in 2007. The Service Charter entrenches seven specific rights to a victim of a crime, which also includes the child as a victim. The purpose of this dissertation is to investigate the question whether the rights of child victims to be treated with fairness and with respect for dignity and privacy, to offer information and to receive information are satisfactorily protected within the South African legal framework in light of the requirements of the Constitution and the international legal framework. As point of departure, the background and legal nature of the Service Charter will be investigated briefly. The background of the relevant international and regional instruments are also discussed. This is followed by an analysis and an explanation of the theoretical foundations of the right to be treated with fairness and with respect for dignity and privacy, from an international, regional and a South African perspective. Attention is particularly drawn to the way the courts have interpreted the right to be treated with fairness and with respect for dignity and privacy. What the right entails within the Victim's Charter is also investigated. This is followed by an analysis and an explanation of the theoretical foundations of the right to offer information and to receive information, from an international, regional and a South African perspective. What the right entails within the Victim's Charter is also investigated. Finally, a conclusion is reached.

KEYWORDS: *child victims, human dignity, privacy, information, sexual offences, Victims Charter*

INHOUDSOPGawe

LYS VAN AKRONIEME	1
HOOFSTUK 1	
INLEIDING	2
 1.1 <i>Inleiding</i>	2
 1.2 <i>Raamwerk</i>	3
 1.3 <i>Internasionale instrumente</i>	4
1.3.1 <i>Die Universal Declaration on Human and People's Rights van 1948</i>	4
1.3.2 <i>Die United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power van 1985</i>	5
1.3.3 <i>Die Convention on the Rights of the Child 1989</i>	6
1.3.4 <i>Die Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum van 1998</i>	7
1.3.5 <i>Die African Charter on Human and People's Rights 1981</i>	8
1.3.6 <i>Die African Charter on the Rights and Welfare of the Child 1990</i>	8
 1.4 <i>Die Dienshandves</i>	9
HOOFSTUK 2	
DIE REG OM MET BILLIKHEID EN MET RESPEK VIR WAARDIGHEID EN PRIVAATHEID BEHANDEL TE WORD	13
 2.1 <i>Inleiding</i>	13
 2.2 <i>Die Grondwetlike posisie</i>	13
 2.3 <i>Die inhoud van die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en vir privaatheid behandel te word</i>	15
2.3.1 <i>Die reg om met billikheid en respek vir waardigheid behandel te word</i>	15

2.3.2 <i>Die reg om met billikheid en respek vir privaatheid behandel te word</i>	19
2.4 <i>Nasionale wetgewing</i>	22
2.4.1 <i>Die Children's Act 38 van 2005</i>	22
2.4.2 <i>Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007</i>	23
2.4.3 <i>Die Strafproseswet 51 van 1977</i>	27
2.4.4 <i>Die Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998</i>	28
2.5 <i>Die Dienshandves</i>	29
2.6 <i>Gevolgtrekking</i>	31
 HOOFSTUK 3	
DIE REG OM INLIGTING AAN TE BIED EN TE ONTVANG	32
3.1 <i>Inleiding</i>	32
3.2 <i>Die Grondwetlike posisie</i>	32
3.3 <i>Nasionale wetgewing</i>	35
3.3.1 <i>Die Children's Act 38 van 2005</i>	35
3.3.2 <i>Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007</i>	35
3.3.3 <i>Die Strafproseswet 51 van 1977.</i>	41
3.3.4 <i>Die Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998</i>	41
3.3.5 <i>Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000</i>	42
3.4 <i>Die Dienshandves</i>	44
3.5 <i>Gevolgtrekking</i>	47
 HOOFSTUK 4	
SAMEVATTING	48
BIBLIOGRAFIE	53

LYS VAN AKRONIEME

ACHPR	African Charter on Human and People's Rights van 1981
ACRWC	African Charter on the Rights and Welfare of a Child van 1999
CRC	United Nations Convention on the Rights of the Child van 1989
GKS	<i>Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdrywe</i>
ICCPR	International Covenant on Civil and Political Rights
ICESCR	International Covenant on Economic Social and Cultural Rights van 1966
NDOV	Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
PAIA	<i>Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000</i>
PAJA	<i>Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000</i>
PEP	Nabootstellingsprofilakse
SADC	Southern African Development Community
UDHR	Universal Declaration on Human and People's Rights van 1948

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 *Inleiding*

Artikel 234 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika¹ (hierna die Grondwet) bepaal:

Ten einde die kultuur van demokrasie deur die Grondwet ingestel, te versterk, kan die Parlement Handveste van Regte aanneem wat met die bepalings van die Grondwet bestaanbaar is.

Ingevolge sy verpligte meegebring deur die ratifisering van verskeie internasionale instrumente soos die *African Charter on the Rights and Welfare of a Child* van 1999 (hierna die ACRWC), die *United Nations Convention on the Rights of the Child* van 1989 (hierna die CRC) en die *United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* van 1985 het die regering die *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika* (hierna die Dienshandves) in 2007 tot stand gebring.²

Die Dienshandves verleen sewe regte aan 'n slagoffer van 'n misdaad, wat dan ook die kind as 'n slagoffer insluit. Hierdie regte is die reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word; die reg om inligting aan te bied; die reg om inligting te ontvang; die reg op beskerming; die reg op bystand; die reg op vergoeding en die reg op restitusie.

Artikel 28(2) van die Grondwet bepaal dat 'n kind se beste belang van deurslaggewende belang is in elke aangeleentheid.³ Statistiek rakende alle seksuele misdrywe wat teenoor kinders gepleeg is dui op 'n toename van 2.6% vanaf April 2006 tot Maart 2011. In die gerapporteerde gevalle van seksuele misdrywe teenoor kinders tydens 2008/2009 was 60.5% van die slagoffers onder die ouderdom van vyftien jaar en 29.4%

1 A 234 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

2 Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007.

3 A 28(2) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

van die slagoffers jonger as tien jaar.⁴ Volgens statistiek van die Suid-Afrikaanse Polisiediens was daar tussen 1 April 2010 en 31 Maart 2011 28128 voorvalle aangemeld waar kinders die slagoffers van seksuele misdrywe was.⁵

Tussen 1 April 2011 en 31 Maart 2012 was daar 25 862 voorvalle aangemeld waar kinders die slagoffers van seksuele misdrywe was.⁶ Statistiek rakende alle seksuele misdrywe wat teenoor kinders gepleeg is, dui op 'n afname van 8,1% vanaf 1 April 2011 tot 31 Maart 2012. In die gevalle van seksuele misdrywe teenoor kinders tydens 2011/2012 aangemeld was 67,9% van die slagoffers onder die ouderdom van vyftien jaar en 13,2% van die slagoffers jonger as vyf jaar, 27,0% van die slagoffers tussen ses en elf jaar oud.⁷ Dit is egter verontrustend om daarop te let dat in die geval van die mees algemene misdaad wat teen kinders gepleeg is, naamlik seksuele oortredings, 25 862 van die 26 955 gevallen van seksuele oortredings wat tydens 2011/2012 aangeteken is, teenoor kinders onder die ouderdom van vyftien jaar gepleeg is.⁸ Weens die beperkte omvang van die skripsie kan al die regte wat deur die Dienshandves verleen word, nie aangespreek word nie. In hierdie skripsie word ondersoek ingestel na drie van die regte vermeld in die Dienshandves, naamlik die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, die reg om inligting aan te bied en die reg om inligting te ontvang. Ondersoek sal ingestel word na die vraag of die Suid-Afrikaanse regsraamwerk hierdie regte van kinderslagoffers bevredigend beskerm in die lig van die vereistes van die Grondwet en die internasionale regsraamwerk.

1.2 Raamwerk

Hierdie hoofstuk sal kortliks handel oor die agtergrond en regsaard van die Dienshandves. Die agtergrond van die toepaslike internasionale en streeksinstrumente sal ook bespreek word. Dit sal die regsaard van die instrumente en die rol wat dit in die Suid-Afrikaanse reg ten opsigte van die kind vertolk, weergee. In hoofstuk 2 word daar

4 SAPS 2012 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2011/crime_stats.htm.

5 SAPS 2012 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2011/crime_stats.htm.

6 SAPS 2013 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/crime_stats.htm.

7 SAPS 2013 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/crime_stats.htm.

8 SAPS 2013 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/crime_stats.htm.

ondersoek ingestel na die reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word. In hoofstuk 3 sal die reg om inligting aan te bied, asook die reg om inligting te ontvang, ondersoek word. Hoofstuk 4 sal 'n samevatting wees van alle bevindings.

In elkeen van die hoofstukke sal daar ook ondersoek ingestel word na die betrokke regte ingevolge die internasionale instrumente, aangesien daar 'n verpligting ingevolge artikel 39(1) op die staat berus om die volkereg in ag te neem.⁹

1.3 Internasionale instrumente

1.3.1 Die Universal Declaration on Human and People's Rights van 1948

Die *Universal Declaration on Human and People's Rights* 1948 (hierna die UDHR) is deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Volkere Organisasies op 10 Desember 1948 aangeneem.¹⁰ Die UDHR, tesame met die *International Covenant on Economic Social and Cultural Rights* van 1966 (hierna die ICESCR) en die *International Covenant on Civil and Political Rights* (hierna die ICCPR) vorm die Internasionale Handves van Regte.¹¹ Beide die ICCPR en die ICESCR is deur Suid-Afrika onderteken.¹² Die UDHR fokus nie primêr op die kind nie,¹³ daar word intendeel slegs twee keer in die dokument na die term "kind" of "kinders" verwys.¹⁴ Ongeag dié verskynsel het die UDHR oor die afgelope ses dekades die grondslag vir die ontwikkeling van kinderrechte internasionaal asook regionaal gelê.¹⁵ Die UDHR het gedien as die inspirasie vir die ontwikkeling van verskeie internasionale en streeksinstrumente wat primêr op die kind fokus, soos die CRC, die ACRWC en die

9 A 39(1) *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

10 Anon 2012 http://en.wikipedia.org/wiki/Universal_Declaration_of_Human_Rights.

11 Horsten *The Social Security Rights of Children* 91.

12 Die ICESCR is op 3 Oktober 1994 deur Suid-Afrika onderteken, maar tot op hede nie geratificeer nie. ICCPR is op 3 Oktober 1994 deur Suid-Afrika onderteken, maar eers op 10 Desember 1998 geratificeer.

13 Ofodile *The Universal Declaration of Human Rights and the African Child Today: Progress or Problems* 37-76.

14 Artikels 25 en 26 *Universal Declaration on Human and People's Rights* 1948.

15 Baily Datum Onbekend <http://www.universalrights.net/main/creation.htm>

ICESCR.¹⁶ Alhoewel daar in die UDHR min na die regte van kinders verwys word, duï die omvattende taalgebruik van die opstellers, deur die term “elkeen” te gebruik, daarop dat die regte van kinders ook verwesenlik en beskerm moet word.¹⁷ Artikel 25 van die UDHR beklemtoon die kwesbaarheid van 'n kind deur te bepaal dat 'n kind geregtig is op spesiale sorg en beskerming.¹⁸

Volgens die Menseregtekommisie van die Verenigde Nasies, beklemtoon die benaming van die UDHR die doel daarvan, naamlik om standarde te stel vir die regte van alle mense ongeag ras, geslag, kultuur of taal.¹⁹ Volgens Baily²⁰ kan die UDHR beskou word as die belangrikste dokument wat in die twintigste eeu ontwikkel is. Volgens Koch²¹ word dit aanvaar as die dokument wat die standaard vir menseregte wêreldwyd daarstel, en uit die aard van die saak ook wêreldwyd aanvaar word. Die UDHR word gesien as die weselike grondslag vir 'n wêreld waarin die mensdom in vrede en waardigheid kan saamleef.²² Die UDHR is 'n lewende dokument en word vandag steeds beskou as 'n relevante revolusionêre dokument vir die mensdom.²³ In *S v Makwanyane* (hierna *Makwanyane*) het die hof beslis dat Suid-Afrika gebind word deur die UDHR, aangesien dit as internasionale gewoontereg beskou word.²⁴

1.3.2 *Die United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power van 1985*

Die *United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* van 1985 is op 29 November 1985 deur die Algemene Vergadering van

16 Ofodile *The Universal Declaration of Human Rights and the African Child Today: Progress or Problems* 37-76.

17 Ofodile *The Universal Declaration of Human Rights and the African Child Today: Progress or Problems* 37-76.

18 Artikel 25(2) *Universal Declaration on Human and People's Rights* 1948.

19 Baily Datum Onbekend <http://www.universalrights.net/main/creation.htm>.

20 Baily Datum Onbekend <http://www.universalrights.net/main/creation.htm>.

21 Koch 2012 http://www.unicef.org/videoaudio/southafrica_46800.html.

22 Baily Datum Onbekend <http://www.universalrights.net/main/creation.htm>.

23 Koch 2012 http://www.unicef.org/videoaudio/southafrica_46800.html.

24 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) par 35. Sien ook Horsten *The Social Security Rights of Children* 92. Sien verder Horn *South Africa's legal compliance with its international obligations in respect of child trafficking* 11.

die Verenigde Nasies aangeneem. Hierdie dokument word nou as die *Magna Carta* vir slagoffers van misdrywe beskou.²⁵ Dit vorm ook die hoeksteen van die Verenigde Nasies se bewuswording van die feit dat slagoffers se behoeftes en belangte ook in oorweging geneem moet word.²⁶ Die instrument erken dat misdrywe gepleeg word, nie net teen die staat nie, maar ook teen die slagoffers. Hierin word psigologiese trauma van die slagoffers en hulle familie erken, asook die feit dat dienste doeltreffend gelewer moet word ten einde sekondêre viktimisering van die slagoffer te verhoed.²⁷

1.3.3 *Die Convention on the Rights of the Child 1989*

Die CRC is in 1995 deur Suid-Afrika geratifiseer.²⁸ Wanneer 'n staat so 'n verdrag onderteken, onstaan die verpligting om die betrokke menseregte in die staat te verwesenlik.²⁹ Sedert die ondertekening het Suid-Afrika wetgewing aangepas om meer doeltreffende erkenning aan die regte van kinders te verleen.³⁰ Kinderregte word uitdruklik in die Grondwet vervat.³¹ Die bepalings van die CRC reguleer die beskerming van kinders se regte om te verseker dat daar in kinders se basiese behoeftes voorsien word sodat kinders tot hulle volle potensiaal kan groei.³² Die CRC bevat 'n omvattende reeks regte wat spesifiek aan kinders verleen word, en kan dus as die belangrikste instrument rakende die bevordering van die kind se regte beskou word.³³

1.3.4 *Die Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum van 1998*

Die Menseregtekommisie van Afrika het die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum van 1998* as 'n toevoegingsdokument tot die

25 Waller *Crime Victims* 9.

26 Waller *Crime Victims* 23.

27 Waller *Crime Victims* 23.

28 Schaffer *International Law* 75.

29 Jansen van Rensburg en Lamarche *Rights to Social Security and Assistance* 151-194.

30 Jansen van Rensburg en Lamarche *Rights to Social Security and Assistance* 151-194.

31 Schaffer *International Law* 75.

32 Fuo Datum Onbekend <http://efundi.nwu.ac.za/portal/site/b7006b2c-bded-49b9-90b4da729a9cf0d/page/a7dfa3c704db-46f8-9208-6174efe127d9>.

33 Horsten *The Social Security Rights of Children* 98.

Southern African Development Community (hierna SADC) se *Declaration on Gender and Development* 1997 aangeneem en vir ondertekening op 14 September 1998 oopgestel.³⁴ Dit is gedoen ter bevestiging van die kommissie se verbintenis om geweld teen vroue en kinders op streeksvlak te voorkom en progressief te elimineer.³⁵ Die dokument is aangeneem weens die feit dat die statistiek rakende geweld teenoor kinders in Afrika deurlopend styg.³⁶ Die dokument is verder aangeneem op grond van getuienis dat die maatstawwe wat daargestel is om kinders teen geweld te beskerm ondoeltreffend is.³⁷ In klousule 4 van hierdie toevoegingsdokument word die feit erken dat geweld teen kinders tot die ernstige skending van hulle fundamentele regte lei. Hierdie geweld sluit fisiese en seksuele geweld, asook ekonomiese, psigologiese en emosionele uitbuiting in.³⁸ Hierdie misdrywe vind gewoonlik eerstens in die gesinsomgewing van die kind plaas.³⁹ Hier word die kind seksueel misbruik, mishandel, geïntimideer en gedreig.⁴⁰ Tweedens kan dit in die gemeenskap plaasvind by wyse van dreigemente, verkragting, seksuele misbruik, seksuele teistering en intimidasie, mensehandel en gedwonge prostitutie.⁴¹ Hierdie dokument is deur Suid-Afrika op 14 September 1998 onderteken.

1.3.5 *Die African Charter on Human and People's Rights* 1981

Die *African Charter on Human and People's Rights* (hierna die African Charter) is in 1981 deur die *Organisation of African Unity Assembly of Heads of State* aangeneem.⁴²

-
- 34 Klousule 2 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 35 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 36 Klousule 6 van die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 37 Klousule 7 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 38 Klousule 5 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 39 Klousule 5(a) *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 40 Klousule 5(a) *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 41 Klousule 5(b) *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.
- 42 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 353.

Die *African Charter* het in 1986 in werking getree.⁴³ Suid-Afrika het die *African Charter* op 9 Julie 1996 geratificeer.⁴⁴ Net soos die UDHR val die fokus van die *African Charter* nie primêr op die kind nie. Die dokument maak voorsiening vir die beskerming van kinders deur die omvattende taalgebruik van die opstellers. Die gebruik van die term elkeen duï daarop dat die regte van kinders ook verwesenlik en beskerm moet word.⁴⁵ Artikel 18(3) plaas die verpligting op lidstate om die regte van 'n kind, soos deur internasionale verdrae en deklarasies daargestel, te beskerm.⁴⁶ Artikel 66 bepaal:⁴⁷

Special protocol or agreements may, if necessary, supplement the provisions of the present Charter.

Die ACRWC is dus in 1990 aangeneem.⁴⁸ Die dokument fokus primêr op die beskerming van kinders op streeksvlak.⁴⁹

1.3.6 *Die African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 1990

Die ACRWC is deur lidstate geratificeer weens die bewuswording van die feit dat kinders beskerming op streeksvlak benodig.⁵⁰ Die doel van die aanneming van die ACRWC was om die gapings in die beskerming van die regte van kinders wat deur die CRC gelaat is, te vul.⁵¹ Die ACRWC is deur Suid-Afrika onderteken op 10 Oktober 1997 en op 7 Januarie 2000 geratificeer.⁵² Weens die feit dat Suid-Afrika 'n lidstaat is van die ACRWC en ook ernstig is oor die bevordering van die regte van kinders op nasionale vlak, berus daar beide 'n regs- sowel as 'n morele verpligting op die staat om sy

43 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 353.

44 Horsten *The Social Security Rights of Children* 109.

45 Horsten *The Social Security Rights of Children* 109.

46 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 334.

47 A 66 *African Charter on Human and People's Rights* 1981.

48 African Commission on Human and Peoples' Rights Datum Onbekend <http://www.achpr.org/instruments/achpr/subsequent-standards>.

49 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 342.

50 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 335.

51 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 342.

52 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 341. Sien ook a 21(1) *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 1989.

verpligtinge soos opgelê deur die ACRWC te eerbiedig.⁵³ Die Konstitutionele Hof en Hoë Howe het ook in talle sake die ACRWC as 'n raamwerk gebruik vir die vertolking van die fundamentele regte van kinders soos vervat in die Handves van Menseregte.⁵⁴

1.4 Die Dienshandves

Volgens Benson⁵⁵ verleen artikel 234 van die Grondwet in beginsel aan die Parlement die geleentheid om handveste ooreenstemmend met die behoeftes van die burgerlike gemeenskap uit te vaardig. Die doel van handveste is om 'n meer gedetailleerde betekenis aan fundamentele regte te gee.⁵⁶ Volgens Benson⁵⁷ stel die uitvaardiging van handveste kragtens artikel 234 van die Grondwet 'n mylpaal daar vir diegene wat besorg is dat grondwetlike ontwikkeling suiwer in die hande van regters, regsaktiviste en litigasiestrategieë lê.

Wanneer slagoffers 'n misdryf rapporteer en teen die beskuldigde getuig, dra hulle moontlik by tot die skuldigbevinding van so 'n beskuldigde. In ruil daarvoor behoort die strafregstelsel hierdie slagoffers met respek en billikheid vir hulle regte te hanteer.⁵⁸ In 2002 het die verslag van die *Vera Institute of Justice* voorgestel dat die Nasionale Vervolgingsgesag (hierna NVG) hom tot die regte van slagoffers moet verbind deur die ontwikkeling van byvoorbeeld 'n handves vir die regte van slagoffers.⁵⁹ Die *Vera Institute of Justice* bestaan reeds vanaf 1961.⁶⁰ Die instelling kombineer die gebruik van navorsing en tegniese bystand om staatsamptenare behulpsaam te wees om hulle regstelsels te verbeter.⁶¹ Die oogmerk van die instelling is om uiteindelik geregtigheid regoor die wêreld meer toeganklik en regverdig, menslik en doeltreffend vir almal te

53 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 350.

54 Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 350. Voorbeeld van hierdie sake is *Bhe v Magistrate, Khayelitsha* 2005 1 SA 580 (KH) par 55, *B v M* 2006 9 BCLR 1033 (W) par 137, asook *Centre for Child Law v Minister of Home Affairs* 2005 6 SA 50 (T) par 30.

55 Benson IT "South African Charter of Religious Rights and Freedoms, Constitutional framework, formation and challenges" 2011 *International Journal for Religious Freedom* 125-134

56 Benson 2011 *IJRF* 126.

57 Benson 2011 *IJRF* 127.

58 Kruger HB en Reyneke JM "Sexual Offences Courts in South Africa: Quo Vadis?" 2008 *Journal for Juridical Science* 32-75.

59 Kruger en Reyneke *Journal for Juridical Science* 46.

60 Vera Institute of Justice Datum onbekend www.vera.org/content/about-us.

61 Vera Institute of Justice Datum onbekend www.vera.org/content/about-us.

maak deur middel van regsnavorsing en innovering.⁶²

Aan die einde van 2004 is die Dienshandves deur die Suid-Afrikaanse kabinet goedgekeur.⁶³ Hierdie Handves beoog om die beginsel van ‘geregtigheid vir almal’ te bevorder deur sewe spesifieke regte aan ’n slagoffer wat in die strafregstelsel moet deelneem te verleen.⁶⁴ Die *Minimumstandaarde vir Dienste vir Slagoffers van Misdaad* (hierna die Minimumstandaarde) is verder in 2007 deur die Departement van Justisie ontwikkel om as ’n aanvullende inligtingsdokument tot die Dienshandves te dien. Die dokument is ontwikkel om die slagoffer se regte, soos vervat in die Dienshandves, verder te verduidelik ten einde hierdie regte ’n werklikheid te maak.⁶⁵ Die Dienshandves, tesame met die Minimumstandaarde, het ten doel om inligting rakende die regering se verbintenis tot die verbetering van dienslewering aan slagoffers van ’n seksuele misdryf te voorsien.⁶⁶

Verder is die Minimumstandaarde daargestel om die standaarde, wat deur die diensverskaffers tydens dienslewering gehandhaaf moet word, te verduidelik.⁶⁷ Die Minimumstandaarde skets nie net basiese regte en beginsels nie, maar verstrek ook gedetailleerde inligting om die slagoffers in staat te stel om hulle regte te kan uitoefen. Verder stel dit diensverskaffers in staat om die regte van slagoffers, soos in die Dienshandves uiteengesit, te handhaaf.⁶⁸

Die Minimumstandaarde stel slagoffers van seksuele misdrywe in staat om die strafregstelsel verantwoordelik te hou om toe te sien dat geregtigheid geskied.⁶⁹ Dit lig die slagoffer ook in oor die roete wat gevolg moet word wanneer die standaarde wat

62 Vera Institute of Justice Datum onbekend www.vera.org/content/about-us.

63 Kruger en Reyneke *Journal for Juridical Science* 46.

64 Anon 2008 http://www.justice.gov.za/brochure/20081209_Supplement_VictimEmpowerment.pdf.

65 Die *Minimum Dienstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers v.*

66 Die *Minimum Dienstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers v.*

67 Die *Minimum Dienstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers v.*

68 Die *Minimum Dienstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers v.*

69 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568.

daargestel is, nie gevvolg word nie.⁷⁰ Die dokument bind die howe en staatsaanklaers.⁷¹

Die Dienshandves definieer slagoffers as:⁷²

Persons that have suffered harm through the commission of acts or omission that are in violation of our criminal law.

Die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007 (hierna die *Strafregwysigingswet*) definieer 'n slagoffer as:⁷³

Enige persoon wat beweer dat 'n seksuele misdryf teenoor hom of haar gepleeg is.

Die beskrywing van kinders as slagoffers binne die bestek van die Dienshandves sluit die volgende in: waar die misdryf teen die kind self as direkte slagoffer gepleeg is; waar die kind indirek as 'n slagoffer beskou word weens die feit dat die misdryf teen een of beide ouers gepleeg is; en waar die kind bloedverwant is aan 'n kinderslagoffer teen wie 'n misdryf gepleeg is.⁷⁴ Die rede vir die beklemtoning van die regte van slagoffers by wyse van 'n handves is om die genieting van grondwetlike regte op 'n gelyke basis vir beide die slagoffer en die oortreder te bevorder.⁷⁵ Verder is die Dienshandves daargestel weens die bewuswording van die ernstige impak wat seksuele misdrywe op die slagoffer het.⁷⁶ Die Dienshandves skep bewustheid rakende die feit dat slagoffers wel regte het; dit lig die slagoffer verder in oor die verskillende stadiums in 'n strafverhoor en die moontlike rol wat hulle daarin sal speel.⁷⁷ Die Dienshandves poog om verdere traumatisering en sekondêre viktimisering uit te skakel.⁷⁸ Volgens Van der

70 Die *Minimum Diensstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers* (Deel IV: Klagteprosedures) 21.

71 Kruger en Reyneke *Journal for Juridical Science* 46.

72 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika* 2007.

73 A 27 *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

74 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568.

75 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid Afrika* 2007.

76 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568.

77 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568.

78 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika* 2007, 2.

Merwe en Waterhouse⁷⁹ stel die Dienshandves geen nuwe regte daar nie. Dit beklemtoon net die reeds bestaande regte van die slagoffers soos vervat in die Grondwet en ander tersaaklike wetgewing.⁸⁰

79 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568. Sien ook Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 13.

80 Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568. Sien ook Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 13.

HOOFSTUK 2

DIE REG OM MET BILLIKHEID EN MET RESPEK VIR WAARDIGHEID EN PRIVAATHEID BEHANDEL TE WORD

2.1 *Inleiding*

In hierdie hoofstuk sal daar ondersoek ingestel word na die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word. Daar sal ondersoek ingestel word na die inhoud van die reg, hoe hierdie reg deur die howe vertolk word asook die verskillende wyses waarop kinderslagoffers van seksuele misdrywe tydens hofverrigtinge hulle getuienis aanbied. Die Grondwetlike posisie en nasionale wetgewing sal ook ondersoek word om vas te stel tot watter mate hierdie reg in die Suid-Afrikaanse wetgewing vervat word. Daar sal laastens ondersoek ingestel word na wat hierdie reg kragtens die Dienshandves behels.

2.2. *Die Grondwetlike posisie*

Die Grondwet is só gestruktureer om te verseker dat 'n hof, tribunaal of 'n forum die menseregte soos vervat in die Grondwet, sowel as ander Suid-Afrikaanse wetgewing, in ooreenstemming met internasionale beginsels moet interpreteer.⁸¹ In 'n aantal artikels in die Grondwet het betrekking op die kind se reg op menswaardigheid en privaatheid. Artikel 10 handel oor elke landsburger se ingebore waardigheid en die reg daarop dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm moet word.⁸²

Volgens Goolam⁸³ behoort die reg op menswaardigheid saam met die reg op gelykheid, die reg op lewe, asook die reg op vryheid gelees te word. Artikel 14 verleen aan elke

81 Artikel 39 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Sien ook Dugard *International Law* 60. Sien verder Blake RC "The world's law in one country: the South African constitutional court's use of public international law" 1998 SALJ 674. Sien verder Botha N "International Law and the South African interim Constitution" 1994 SAPL 249. Sien ook Dugard J "The role of international law in interpreting the Bill of Rights" 1994 SAJHR 213. Sien ook Horsten *The social security rights of children in South Africa* 37.

82 Artikel 10 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

83 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

persoon die reg op privaatheid.⁸⁴ Die regte soos vervat in die Handves van Regte word aan ‘elkeen’ verleen, waarby ’n kind dus ingesluit word.⁸⁵

Hierdie bepalings is in ooreenstemming met die staat se internasionale verpligtinge wat voortspruit uit die ratifisering van die UDHR, die CRC, ACHPR en die ACRWC. Artikel 1 van die UDHR bepaal dat elke persoon met vryheid, gelyke regte en waardigheid gebore word. Die artikel dui op die verpligting om elke persoon, wat ’n kind insluit, met billikheid en respek te behandel. Artikel 6 van die UDHR bepaal dat elke persoon die reg het om as ’n regsubjek voor die reg erken te word. Artikels 3 en 7 vervat die regte op lewe, vryheid en sekerheid van die persoon. Artikel 12 handel oor elke persoon se reg op privaatheid en ’n goeie naam. Ingevolge artikels 2(1) en 6 van die CRC word die kind se reg op gelykheid, asook die inherente reg op lewe, beskerm. Ingevolge artikel 39 van die CRC berus daar ’n verpligting op lidstate om maatstawwe aan te neem om die fisiese en psigologiese herstel van ’n kind wat ’n slagoffer van ’n seksuele misdryf is te bevorder. Verder moet daar ook stappe gedoen word om ’n kind, wat ’n slagoffer van ’n seksuele misdryf was, te help om in die gemeenskap te reïntegreer. Hierdie herintegrasie moet in ’n omgewing plaasvind wat geskik is vir die bevordering en herstel van so ’n kind se selfrespek en menswaardigheid. In artikel 16(1) word daar verwys na die kind se reg op privaatheid.⁸⁶

Die ACRWC beskerm die kind teen enige vorm van diskriminasie ten einde die genieting van die reg op vryheid en ander regte te verseker.⁸⁷ Artikel 5 handel oor die kind se reg op oorlewing en om tot sy of haar volle potensiaal te ontwikkel.⁸⁸ Verder het elke kind ook die reg op privaatheid.⁸⁹ Ingevolge die *African Charter* het elke individu die reg daarop om as gelyk voor die reg beskou te word. Dit beteken dat elkeen gelyke beskerming deur die reg kan vereis.⁹⁰ Elke individu se inherente reg op

84 A 30 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

85 Horn South Africa's legal compliance with its international obligations 81.

86 A 16(1) *United Nations Convention on the Rights of the Child* 1995.

87 A 3 *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 1989

88 A 5 *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 1989.

89 A 10 *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* 1989.

90 Artikels 3 en 19 *African Charter on Human and People's Rights* 1981.

menswaardigheid en reg op lewe word ook uitdruklik in die hoofteks vervat.⁹¹ Verder word elke persoon se reg op en sekerheid van die persoon ook beskerm en daar word 'n verpligting op elke individu geplaas om ander se regte te respekteer en nie diskriminerend op te tree nie.⁹²

2.3 Die inhoud van die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word

2.3.1 Die reg om met billikheid en respek vir waardigheid behandel te word

Menswaardigheid is een van die belangrikste fundamentele regte. Die bekragtiging van die reg op menswaardigheid as een van die vestigingswaardes van die Grondwet van 1996 is van kardinale belang.⁹³ In die interim Grondwet is die waardes van demokrasie, vryheid en gelykheid beklemtoon.⁹⁴ Die reg op menswaardigheid is inherent in die voorafgenoemde waardes, asook in die regte soos in die Handves van Menseregte, vervat.⁹⁵ Die fundamentele rol van menswaardigheid het eers te voorskyn gekom na die inwerkingtrede van die 1996 Grondwet.⁹⁶ In die Grondwet word daar uitdruklik verwys na elke persoon se inherente reg op menswaardigheid.⁹⁷ Dit het geleid tot die verklaring dat respek vir menswaardigheid en alles wat daaruit voortvloeи 'n simbool van die lewe self is en nie 'n voorreg is wat deur die staat aan elke persoon verleen word nie.⁹⁸

Volgens Goolam⁹⁹ is die feit dat die reg op menswaardigheid vóór die reg op gelykheid en die reg op vryheid in die Grondwet verskyn, nie toevallig nie. Dit dui die belangrikheid van die doeltreffende beskerming van die menswaardigheid van elke

91 Artikels 4 en 5 *African Charter on Human and People's Rights* 1981.

92 Artikels 6 en 28 *African Charter on Human and People's Rights* 1981.

93 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

94 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

95 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

96 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

97 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

98 Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value* 7.

99 Goolam NMI "The interim Constitution, the working drafts and South Africa's new Constitution - some observations" 1997 SAPL 186.

persoon in die samelewing, deur wetgewing aangaande menseregte, aan.¹⁰⁰ Die fundamentele reg op menswaardigheid vind toepassing op almal, ongeag die feit dat die Grondwet nie spesifieke regte aan slagoffers van misdrywe verleen nie.¹⁰¹ Dit dui daarop dat daar erkenning verleen moet word aan die menswaardigheid van slagoffers en dat hulle met respek en sorg hanteer moet word.¹⁰²

Daar is in tale hofsake verwys na die reg op menswaardigheid en privaatheid. In sommige van die sake het die reg op menswaardigheid die basis van die uitspraak van die hof gevorm.

In *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling*¹⁰³ (hierna die De Reuck-sak) het Langa R beslis:¹⁰⁴

The value of dignity in our constitutional framework cannot therefore be doubted. The Constitution asserts dignity to contradict our past in which human dignity for black South Africans was routinely and cruelly denied. It asserts it too, to inform the future, to invest in our democracy respect for the intrinsic worth of all human beings. Human dignity therefore informs constitutional adjudication and interpretation at a range of levels. It is a value that informs the interpretation of many, possibly all, other rights. This Court has already acknowledged the importance of the constitutional value of dignity in interpreting rights such as the right to equality, the right not to be punished in a cruel, inhuman or degrading way, and the right to life.

Die sak het gehandel oor 'n filmvervaardiger (die applikant) wat vervolg is weens die vervaardiging van kinderpornografie ingevolge artikel 27(1) van die *Wet op Films en Publikasies* 65 van 1996.¹⁰⁵ Die applikant het aangevoer dat die bepalings van artikel 27(1) ongrondwetlik was.¹⁰⁶ Die applikant se argument was gegrond op die feit dat die

100 Goolam 1997 SAPL 186.

101 Van der Merwe *Aspects of the sentencing process in child sexual abuse cases* 19.

102 Van der Merwe *Aspects of the sentencing process in child sexual abuse cases* 19.

103 *De Reuck v Director of Public Prosecutions Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH).

104 *De Reuck v Director of Public Prosecutions Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH) par 62.

105 *De Reuck v Director of Public Prosecutions Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2003 3 SA 369 (W); 2002 12 BCLR 1285 (W).

106 *De Reuck v Director of Public Prosecutions (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling)* 2003 3 SA 369 (W); 2002 12 BCLR 1285 (W).

bepalings nie voorsiening maak vir 'n verweer waar die vervaardiging *bona fide* gegrond was op 'n wettige doel, publieke belang, drama of kunswerke sonder dat regte kinders gebruik is nie.¹⁰⁷ Die applikant het ook aangevoer dat artikel 27(1) inbreuk maak op die reg op privaatheid, gelykheid en vryheid van uitdrukking.

Die Konstitusionele Hof het die belangrikheid van die kind se reg op menswaardigheid bevestig deur te beslis:¹⁰⁸

children's dignity rights are of special importance. The degradation of children through child pornography is a serious harm which impairs their dignity and contributes to a culture which devalues their worth.

Die Konstitusionele Hof het beslis dat die inbreuksmaking van die wetgewing op die regte op privaatheid, gelykheid en vryheid van uitdrukking, redelik en regverdigbaar onder die omstandighede is. Die beperking deur artikel 27(1) het ten doel gehad om kinders teen seksuele uitbuiting te beskerm.¹⁰⁹ Die beste belang van die kind, asook die openbare belang, het in dié geval swaarder geweeg as die applikant se regte op privaatheid en vryheid van uitdrukking. Artikel 27(1) is gevvolglik nie ongrondwetlik verklaar nie.¹¹⁰

In *S v Mbokhani*¹¹¹ het Bertelsmann R verwys na die meerderheidsuitspraak in *M v The State; Centre for Child Law as Amicus Curiae*:¹¹²

Every child has his or her own dignity. If a child is to be constitutionally imagined as an individual with a distinctive personality, and not merely as a miniature adult waiting to reach full size, he or she cannot be treated as a mere extension of his or her parents, umbilically destined to sink or swim with them. The unusually

107 *De Reuck v Director of Public Prosecutions (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling)* 2003 3 SA 369 (W); 2002 12 BCLR 1285 (W).

108 *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH) par 63.

109 *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH) par 88.

110 *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH) par 90 en 91.

111 *S v Mbokhani* 2009 1 SACR 533 (T).

112 *S v Mbokhani* 2009 1 SACR 533 (T) par 52. Sien ook *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 123.

comprehensive and emancipatory character of section 28 presupposes that in our new dispensation the sins and traumas of fathers and mothers should not be visited on their children.

In *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development*¹¹³ moes die Konstitutionele Hof beslis het oor die grondwetlikheid van die volgende bepalings van die Strafproseswet 51 van 1977 wat op kinders betrekking het: artikel 153, wat handel oor die omstandighede waarin die verrigtinge nie in 'n ope hof hoef te geskied nie; artikel 164(1) wat handel oor die omstandighede waaronder 'n kind sonder die aflegging van 'n eed mag getuig; artikel 158(2)(a) wat bepaal dat die kind deur geslotekringtelevisie mag getuig; en artikel 170A wat handel oor die aflê van getuenis deur middel van 'n tussenganger. Die Konstitutionele Hof het beslis dat die bepalings aan artikel 28(2) van die Grondwet, wat bepaal dat 'n kind se beste belang van deurslaggewende belang is in elke aangeleentheid, gemeet moet word.¹¹⁴ Die Hof het verder beslis dat artikel 28(2) op so 'n wyse vertolk moet word dat dit die fundamentele waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid sal bevorder.¹¹⁵

Artikel 28(2) wat deel vorm van die *Handves van Menseregte* beskerm die menswaardigheid van die kind en bevorder verder die gelykheids- en vryheidsregte.¹¹⁶ Artikel 28(2) plaas dus die verpligting op 'n persoon wat 'n besluit rakende 'n kind moet neem om ten alle tye die beste belang van die kind te oorweeg. Artikel 28(2) van die Grondwet verskaf verder ook 'n maatstaf vir die wyse waarop kinders behandel moet word, asook die beskerming van die kind en sy of haar regte.¹¹⁷

Volgens Ngcobo R skep die feit dat 'n kinderslagoffer nie as 'n party tot 'n geding beskou word nie kommer by howe. Die kategorisering van kinders as getuies, en nie as 'n party

113 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH).

114 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 73.

115 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 73.

116 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 2 en par 72.

117 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 2 en par 72.

tot die verrigtinge nie, beperk die wyse waarop hulle hul fundamentele regte kan vindiseer in strafverrigtinge.¹¹⁸ Daar bestaan dus 'n behoefte om die fundamentele regte van veral kinderslagoffers van seksuele misdrywe tydens hofverrigtinge te beskerm. Volgens Ngcobo R word 'n strafverhoor waar 'n kind as 'n getuie moet optree uiteraard beskou as 'n aangeleentheid met betrekking tot 'n kind en het dit te make met die inbreukmaking op die kind se reg op menswaardigheid.¹¹⁹

In *Makwanyane* het Regter O'Reagan die volgende stelling aangaande die reg op menswaardigheid gemaak:¹²⁰

The importance of dignity as a founding value of the new Constitution cannot be overemphasised. Recognising the right to dignity is an acknowledgement of the intrinsic worth of human beings: human beings are entitled to be treated as worthy of respect and concern. This right therefore is the foundation of many of the other rights that are specifically entrenched in Chapter 3.

2.3.2 *Die inhoud van die reg om met billikheid en respek vir privaatheid behandel te word*

Die privaatheid van 'n kind as 'n slagoffer van seksuele misdrywe word deur artikel 14 van die Grondwet beskerm.¹²¹ Hierdie reg op privaatheid word volgens Maseko¹²² gegrond op die slagoffer se reg om met billikheid en respek vir sy of haar waardigheid behandel te word. Die Konstitusionele Hof het ook in talle sake die aandag gevestig op die feit dat die reg op privaatheid in die reg op menswaardigheid gewortel is.¹²³ Hierdie reg word gedefinieer as die beskerming van 'n werklike of subjektiewe verwagting dat die samelewing die individu se reg op privaatheid sal erken, beskerm en ook

118 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 4 SA 222 (KH) par 65.

119 *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development]* 2009 4 SA 222 (KH) par 65.

120 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) par 328.

121 Sien par 2.1

122 Maseko T "The impact of the principle of separation of power on the development of common law and the protection of the rape victim's rights" 2008 *Obiter* 53-68

123 Cassim F "Seeking access to the confidential records of a third party: the accused's right to a fair trial v the third party's right to privacy" 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 128-149.

respekteer.¹²⁴ Die reg word ook omskryf as die reg om beskerm te word teen ongevraagde inmenging met die individu se liggaam sonder die toestemming van die individu.¹²⁵ Die reg op privaatheid geld nie absoluut nie en kan dus ook ingevolge die beperkingsklousule beperk word vir sover dit redelik en regverdigbaar is.¹²⁶ Die reg op privaatheid sluit ook in dat sekere inligting met betrekking tot die individu pravaat gehou sal word.¹²⁷

Die reg om met billikheid en respek vir privaatheid behandel te word, beskerm ook die individu se waardigheid en fisiese en psigologiese welstand.¹²⁸ Die slagoffer van 'n seksuele misdryf se reg op privaatheid word ook beskerm in artikel 17 van die *International Covenant on Civil and Political Rights* 1966, wat enige vorm van arbitrière of onregmatige inmenging met 'n persoon, insluitend 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf, verbied. Maseko¹²⁹ is van mening dat dit veral belangrik is om die slagoffers van seksuele misdrywe, veral kinders, se privaatheid te beskerm. Die reg op privaatheid is daargestel om aan elke individu die geleentheid te bied om sy of haar lewe te leef met die minimum inmenging deur ander. Hierdie reg word ook soms na verwys as 'die reg om alleen gelaat te word'.¹³⁰

In *Tshabalala-Msimang v Makhanya*¹³¹ het die kwessie van vertroulikheid en toegang tot gesondheidsrekords ter sprake gekom. Die Hof het bevind dat 'n persoon se mediese rekords pravaat en vertroulik is.¹³² 'n Persoon het dus die reg om beheer te hê oor die verspreiding van inligting met betrekking tot sy of haar private mediese rekord. Daarom het die Hof bevind dat die reg op privaatheid die reg insluit dat 'n persoon se private mediese inligting van die publiek weerhou sal word, tensy toestemming tot

124 Cassim 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 128-149.

125 Nyaundi PM "Circumcision and the rights of the Kenyan boy-child" 2005 *African Human Rights Law Journal* 171-181.

126 Cassim 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 128-149.

127 Cassim 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 128-149.

128 Calitz J Sections 417 and 418 of the *Companies Act* 61 of 1973 – relevance prevailing over the right to privacy: *Gumede v Subel NO* 2006 3 SA 498 (SCA) 2006 *Obiter* 403-409.

129 Maseko *Obiter* 53-68.

130 Maseko *Obiter* 53-68.

131 *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 3 BCLR 338 (W).

132 *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 3 BCLR 338 (W).

publikasie deur die persoon self verleen is.¹³³ Die hof se bevinding is gemaak met die inagneming van die mediese rekord van slagoffers van seksuele misdrywe:¹³⁴

It is submitted that this rationale is relevant to the issue of third party disclosure in criminal cases such as sexual assault cases, where a victim or complainant or medical doctor is entitled to rely on his or her constitutional right to privacy to protect his or her confidential medical records from disclosure.

In *Bernstein v Bester NNO*¹³⁵ het Ackermann R die volgende beslis gehad oor die reg op privaatheid:¹³⁶

The scope of privacy has been closely related to the concept of identity and it has been stated that rights, like the right to privacy, are not based on a notion of the unencumbered self, but on the notion of what is necessary to have one's own autonomous identity.

In *Holtzhausen v Roodt* het die regter die ernstige inbreukmaking wat 'n seksuele misdryf op die slagoffer se reg op privaatheid het, beklemtoon:¹³⁷

Rape is an experience so devastating in its consequences that it is rightly perceived as striking at the very fundament of human, particularly female, privacy, dignity and personhood. Yet, I acknowledge that the ability of a judicial officer such as myself to fully comprehend the kaleidoscope of emotion and experience, of both rapist and rape survivor, is extremely limited.

In die Suid-Afrikaanse strafregstelsel word die menseregte van kinderslagoffers, soos die regte op menswaardigheid, gelykheid, privaatheid en die reg om nie op 'n onmenslike wyse hanteer of gestraf te word nie, steeds gereeld ondermyn.¹³⁸ Daar word gereeld van hierdie kinders verwag om in die teenwoordigheid van die beskuldigde te getuig.¹³⁹ Verder word die aanname ook gemaak dat jonger kinders as meer kwesbaar as ouer kinders beskou moet word. Hierdie aanname word gemaak

133 *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 3 BCLR 338 (W).

134 *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 3 BCLR 338 (W).

135 *Bernstein v Bester NNO* 1996 2 SA 751 (KH).

136 *Bernstein v Bester NNO* 1996 2 SA 751 (KH) par 65.

137 *Holtzhausen v Roodt* 1997 4 SA 766 (W) par 778g-h.

138 Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 29.

139 Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 12.

sonder die inagneming van die feit dat 'n kind vir alle doeleindes van die reg as 'n persoon onder die ouerdom van agtien jaar beskou word.¹⁴⁰ Dit het tot die gevolg dat daar minder bystand aan ouer kinders verleen word. Hierdie kinders word dikwels blootgestel aan erger kruisondervraging deur lede van die strafregstelsel.¹⁴¹ Volgens Waterhouse moet alle kinders egter as kwesbaar beskou word ongeag hulle ouerdom, want kinders van verskillende ouerdomme is kwesbare wesens op verskillende wyses.¹⁴²

2.4 Nasionale wetgewing

2.4.1 Die Children's Act 38 van 2005

Artikel 6 van die *Children's Act* 38 van 2005 sit die algemene beginsels rakende die toepassing van die Wet uiteen.¹⁴³ Die *Children's Act* bepaal dat elke kind die reg het dat sy of haar inherente waardigheid in alle aangeleenthede gerespekteer moet word.¹⁴⁴ Die kind moet regverdig en gelykwaardig behandel word en beskerm word teen onregverdig diskriminasie.¹⁴⁵ Artikel 6(1) van die *Children's Act* bepaal dat die algemene beginsels wat deur die artikel uiteengesit word ten doel het om die implementering van alle wetgewing van toepassing op kinders, wat die *Children's Act* insluit, te lei in alle verrigtinge, aksies en beslissings deur enige staatsorgaan in enige aangeleenthed betreffende 'n kind of kinders in die algemeen.¹⁴⁶ Volgens die *Centre for Child Law*¹⁴⁷ kan hieruit afgelei word dat die wetgewer dit wou beklemtoon dat 'n kind se regte soos vervat in die Handves van Menseregte en ander wetgewing, in alle aangeleenthede gerespekteer en beskerm moet word, nie net in aangeleenthede onder die *Children's Act* nie.

140 A 1 *Children's Act* 38 van 2005. Sien ook a 28(3) *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*. Sien verder a 1(a) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante aangeleenthede)*, 32 van 2007.

141 Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 34.

142 Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes* 30

143 Centre for Child Law Justice for Child Victims and Witnesses of Crime 18.

144 A 6(2)(b) *Children's Act* 38 van 2005.

145 A 6(2)(c)-(d) *Children's Act* 38 van 2005.

146 A 6(1)(a)-(b) *Children's Act* 38 van 2005.

147 Centre for Child Law Justice for Child Victims and Witnesses of Crime 18.

In Bylae 3 van die *Children's Act* word daar verwys na die teks van die *United Nations Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention Against Transnational Organized Crime* 2001. Ingevolge Bylae 3 van die *Children's Act* word die verpligting op state geplaas om sover moontlik deur middel van nasionale wetgewing die privaatheid en identiteit van slagoffers van mensehandel te beskerm, voorts moet alle aangeleenthede met betrekking tot die geval vertroulik gehou sal word.¹⁴⁸ Alle verrigtinge moet geskied in 'n taal wat deur die kinderslagoffer verstaan word.¹⁴⁹ In die *Children's Act* word daar ook bepaal dat die voorsittende beampte in 'n aangeleenthed tussenbeide moet tree tydens die ondervraging of kruisondervraging van die kind indien die hof bevind dat dit in die beste belang van die kind sal wees.¹⁵⁰

2.4.2 Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007

In die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007 (hierna die *Strafregwysigingswet*) word daar gemeld dat kinders besonder kwesbaar is en daarom meer waarskynlik slagoffers van seksuele misdrywe sal word. Hier word spesifiek verwys na die seksuele uitbuiting van kinders.¹⁵¹ In die Wet word dan ook melding gemaak van die internasionale verpligte wat op die staat rus weens die ratifikasie van verskeie internasionale instrumente, soos die CRC, om geweld teen kinders te bestry en uit te roei.¹⁵² Die belangrikheid om die beste

148 Bylae 3 *Children's Act* 38 van 2005. Sien ook a 6(1) *United Nations Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention Against Transnational Organized Crime* 2001.

149 Schedule 3 van die *Children's Act* 38 van 2005. Sien ook artikel 6(3)(b) van die *United Nations Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention Against Transnational Organized Crime* 2001.

150 A 61(1)(c) *Children's Act* 38 van 2005.

151 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

152 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

belang van die kind, as 'n kwesbare persoon, as die hoogste belang te beskou word beklemtoon. Dit dui op die beskerming van die kind se menswaardigheid, privaatheid, die reg op gelykheid, en ook die reg om vry te wees van alle vorme van geweld.¹⁵³

In die Aanhef word daar ook bepaal dat die *Strafregwysigingswet* daargestel is, omdat die gemene reg en statutêre reg nie voldoende daarin kon slaag om doeltreffend op 'n nie-diskriminerende grondslag te handel met talle aspekte van seksuele misdrywe teenoor kinders nie.¹⁵⁴ Die versium van die regering om dienslewering met betrekking tot seksuele misdrywe te implementeer het ook geleid tot die verdere viktimisering en traumatisering van slagoffers.¹⁵⁵ In artikel 2 word die oogmerke van die Wet vervat. Die doel is om klaers en klaagsters van seksuele misdrywe die maksimum en mins getraumatiserende beskerming wat die reg kan voorsien te bied.¹⁵⁶ Dienslewering aan slagoffers moet ook geskied in die gees van *batho pele*.¹⁵⁷ Dit beteken dat daar behoorlike erkenning aan die behoeftes van slagoffers van seksuele misdrywe verleen moet word deur tydige, doeltreffende en nie-diskriminerende misdaadondersoek en vervolging.¹⁵⁸ In artikel 66 van die *Strafregwysigingswet* word daar bepaal dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens nasionale opdragte moet uitreik rakende die ondersoek van seksuele misdrywe en dit in die *Staatskoerant* moet publiseer.¹⁵⁹ Hierdie opdragte moet handel oor die wyse waarop polisiebeamptes die aangeleentheid moet ondersoek. Dit moet aan die betrokke beampete riglyne voorsien oor hoe om met die aanmelding van seksuele misdrywe te werk te gaan.¹⁶⁰ Die Wet bepaal dat daar riglyne aan hierdie ondersoekbeamptes gebied moet word rakende die

153 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

154 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

155 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

156 Die Aanhef van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

157 Mense eerste.

158 A 2(e)(ii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

159 A 66(1)(a)(ii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

160 A 66(1)(a)(i) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

wyse waarop die oortreder aan MIV-toetsing onderwerp kan word.¹⁶¹

Die Wet plaas ook 'n verdere verpligting op die Kommissaris, Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging¹⁶² (hierna die NDOV) en die Direkteur-Generaal: Gesondheid,¹⁶³ om opleidingsprogramme te ontwikkel rakende die ondersoek van seksuele misdrywe.¹⁶⁴ Die programme se einddoel moet wees om eenvormige norme, standaarde en procedures te ontwikkel en te bevorder om te verseker dat soveel moontlik polisiebeamptes, staatsaanklaers en mediese praktisyns in staat is om seksuele misdrywe op 'n gepaste, doeltreffende en sensitiewe wyse te hanteer.¹⁶⁵

Die Wet bepaal ook dat die NDOV voorskrifte moet uitreik rakende procedures wat gevolg moet word by seksuele misdrywe in die algemeen,¹⁶⁶ asook by kindergetuies wat deur middel van 'n tussenganger of geslotekringtelevisie moet getuig.¹⁶⁷ Aandag moet ook geskenk word aan gevalle waar dit in die beste belang van die kind beskou sal word dat die kind se identiteit nie geopenbaar mag word nie¹⁶⁸ of dat die verrigtinge *in camera* geskied.¹⁶⁹

Die nasionale voorskrifte uitgereik deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens¹⁷⁰ bevat omvattende bepalings rakende die wyse waarop slagoffers voor, tydens en na die afloop van die verhoor deur die polisiebeamptes gehanteer moet

161 A 66(1)(a)(iv) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

162 A 66(2)(b) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

163 A 66(3)(b) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007

164 A 66(1)(b) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007

165 Artikels 66(1)(b)(iii), 66(2)(b)(iii) en 66(3)(b)(iii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007

166 A 66(2)(a)(1) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

167 A 66(2)(a)(ii)-(iii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

168 A 66(2)(a)(v) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

169 A 66(2)(a)(iv) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

170 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

word.¹⁷¹ Nasionale Instruksie 4 handel oor die aanmelding van 'n seksuele misdryf by 'n polisiestasie.¹⁷² Indien die slagoffer van die misdryf 'n kind is, mag slegs 'n lid wat deur die Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdrywe (GKseenheid) opgelei is as ondersoekbeampte aangewys word. Aanhangsel F tot die Nasionale Instruksies bied verdere riglyne aan die ondersoekbeampte rakende die afneem van 'n getuieverklaring by die kinderslagoffer. Nasionale Instruksie 5 handel oor die wyse waarop die polisiebeampte by wie die seksuele misdryf aangemeld word aan die kinderslagoffer bystand moet bied. Die instruksies skryf aan die polisiebeamptes voor hoe om te werk te gaan indien 'n seksuele misdryf telefonies aangemeld word.¹⁷³ Dit sit die verantwoordelikhede uiteen van die lede wat eerste op die toneel van 'n seksuele misdryf is en skryf aan die polisielede die stappe voor wat gedoen moet word om die misdaadtoneel te beveilig.¹⁷⁴ Hier word spesifiek aan lede van die Polisiediens voorgeskryf om stappe te doen om die privaatheid en menswaardigheid van die slagoffer te beskerm en om te verseker dat die slagoffer van die misdaadtoneel na 'n nabijgeleë private plek verwyder word.¹⁷⁵ Nasionale Instruksie 9 sit die rol en verantwoordelikhede van die ondersoekbeampte uiteen. Hier word spesifiek aan die ondersoekbeampte voorgeskryf om, indien die slagoffer 'n kind is, die veiligheid van die kind te verseker, wat insluit om te bepaal of die kind sorgbehoewend is en, indien wel, toepaslike stappe te doen om die veiligheid en beskerming van die kind te verseker.¹⁷⁶ Die wyse waarop die polisielid te werk moet gaan om 'n mediese ondersoek op die kind as slagoffer van 'n seksuele misdryf te laat uitvoer word ook duidelik uiteengesit.¹⁷⁷ Nasionale Instruksie 14 handel oor die wyse waarop die ondersoekbeampte te werk moet gaan om die oortreder aan MIV-toetsing te onderwerp.¹⁷⁸ Die nasorg van 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf asook die wyses waarop die kind as slagoffer van 'n

171 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

172 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

173 Nasionale Instruksie 6 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

174 Nasionale Instruksies 7 en 8 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

175 Nasionale Instruksie 8(4) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

176 Nasionale Instruksie 9(2)(b) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

177 Nasionale Instruksie 10 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

178 Nasionale Instruksie 14 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

seksuele misdryf vir hofverrigtinge voorberei moet word, word ook ingevolge die instruksies voorgeskryf.¹⁷⁹

2.4.3 Die Strafproseswet 51 van 1977

Die volgende artikels van die *Strafproseswet* 51 van 1977 bied beskerming aan die privaatheid en mensvaardigheid van die kinders tydens hofverrigtinge: artikel 153 handel oor die omstandighede waarin die verrigtinge nie in 'n ope hof hoef te geskied nie; artikel 154 bepaal dat sekere inligting, soos die kind se identiteit, nie gepubliseer mag word nie; artikel 158(2)(a) bepaal dat die kind deur geslotekringtelevisie mag getuig; en artikel 170A handel oor die aflê van getuienis deur middel van 'n tussenganger.

Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het sekere maatreëls in ooreenstemming met die bepalings van die *Strafproseswet* ter beskerming van die kinderslagoffer in plek gestel. Ten einde die kinderslagoffer se waardigheid en privaatheid te beskerm, getuig hy of sy gewoonlik in 'n vertrek buite die hof, welke vertrek na verwys word as die "getuiekamer".¹⁸⁰ Hierdie vertrek moet informeel ingerig wees ten einde die kinderslagoffer op sy of haar gemak te stel, die vertrek moet so geleë wees dat diegene wie se teenwoordigheid die kindergetuie ontstel buite die sig en gehoor van die kind is. Hierdie vertrek moet op so 'n wyse ingerig wees om te verseker dat die hof en diegene wie se teenwoordigheid by die betrokke verrigtinge noodsaaklik is, in staat is om direk of deur middel van geslotekringtelevisie of eenrigtingspieëls, die tussenganger sowel as die kindergetuie gedurende sy of haar getuienis te sien of te hoor.¹⁸¹ 'n Videokamera of eenrigtingspieël word op die muur oorkant vanwaar die kind gesetel is geïnstalleer ten einde die kommunikasie tussen die kindergetuie in die getuiekamer en die hof te faciliteer.¹⁸² Die tussenganger word voorsien van oorfone wat

179 Nasionale Instruksies 19 en 21 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

180 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling Datum Onbekend <http://www.justice.gov.za/faq/faq-sorma-intermediaries.html>.

181 Schwikkard en Van der Merwe *Beginsels van die Bewysreg* 406.

182 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling Datum Onbekend <http://www.justice.gov.za/faq/faq-sorma-intermediaries.html>.

hom of haar in staat te stel om die hofverrigtinge deurlopend te volg. Die tussenganger sal luister na die vrae en dit dan na die kind herlei.¹⁸³ Die kindergetuie hoor en sien geensins wat in die hof aangaan nie, hy of sy getuig slegs deur middel van die bystand van die tussenganger en reageer slegs op die vrae wat deur die tussenganger aan hom of haar op 'n informele kindervriendelike wyse gestel word.¹⁸⁴ Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling is ook tans besig met die herinstelling van gespesialiseerde howe vir seksuele misdrywe.¹⁸⁵ Hierdie howe het ten doel om die slagoffers van seksuele misdrywe, veral kinderslagoffers, teen sekondêre viktimisering te beskerm.¹⁸⁶

2.4.4 *Die Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998*

Ingevolge klousule 10 van die Bylae van die *Wet op Getuiebeskerming*, 112 van 1998 kan 'n kind teen wie 'n seksuele misdryf gepleeg is onder beskerming geplaas word. Kragtens artikel 7 van die Wet kan 'n minderjarige met of sonder die toestemming van sy of haar ouer of voog aansoek doen om beskerming.¹⁸⁷ Dit kan gedoen word indien die kinderslagoffer vermoed dat sy of haar veiligheid of die veiligheid van 'n verwante persoon bedreig word omrede hy of sy 'n getuie is.¹⁸⁸ Kragtens artikel 12 van die Wet mag 'n minderjarige nie sonder die toestemming van sy of haar ouer of voog onder beskerming geplaas word nie, tensy die Direkteur van Openbare Vervolging of 'n hof bevind dat dit in die beste belang van die kind sal wees dat die kind in bewaring geplaas word.¹⁸⁹

2.5 *Die Dienshandves*

Volgens die Dienshandves sluit die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en

183 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling Datum Onbekend <http://www.justice.gov.za/faq/faq-sorma-intermediaries.html>.

184 Schwikkard en Van der Merwe *Beginsels van die Bewysreg* 405.

185 Manyathi-Jele 'Sexual offences courts to be re-established' 2013 *De Rebus* 10.

186 Manyathi-Jele *De Rebus* 10.

187 A 7(2)(b) *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998.

188 A 7(1) *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998.

189 Artikels 12(1) en 12(2) *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998.

privaatheid behandel te word, die reg van die slagoffer in om flink en hoflik bedien te word. Die dienslewering moet geskied deur alle lede van enige departement, instelling, agentskap of organisasie wat regstreeks of onregstreeks 'n diens aan hom of haar moet lewer. Hierdie diensverskaffers moet die dienste aan die slagoffers lewer met billikheid en met respek vir hulle waardigheid en privaatheid. Die polisie tydens ondersoeke; die aanklaers en hof-amptenare tydens die voorbereiding van en gedurende die verhoor; asook alle ander diensverskaffers, moet die nodige stappe doen om die slagoffer vry te stel van enige onnodige ongerief deur onder meer onderhoude met die slagoffer in sy of haar voorkeurtaal en, indien nodig, in privaatheid te voer. Hierdie maatreëls word deur die Dienshandves daargestel om te verhoed dat die slagoffer aan sekondêre viktimisering blootgestel word.

Hierdie bepalings is in ooreenstemming met die staat se verpligte voortspruitend uit die ondertekening van die *United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims and Abuse of Power* van 1985 en die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum* van 1998. Die *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims and Abuse of Power* bepaal dat slagoffers met die grootste sorg en respek vir hulle waardigheid hanteer moet word. Ingevolge die deklarasie moet lidstate maatstawwe aanneem ten einde ongerief vir die slagoffer tot die minimum te beperk, asook om die slagoffer se privaatheid en veiligheid te verseker.¹⁹⁰ Tweedens moet onnodige vertragings in die verhoor en in die uitvoering van bevele aangaande toekennings wat aan die slagoffer gemaak is, vermy word.¹⁹¹

In klousule 4 van die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum* van 1998 word die feit erken dat geweld teen kinders tot die ernstige skending van hulle fundamentele regte lei. In hierdie dokument word lidstate aangemoedig om maatstawwe aan te neem wat seksuele misdrywe uitdruklik as 'n misdryf definieer en ook voorsiening maak vir die vervolging van oortreders in dié

190 Klousule 6(d) *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

191 Klousule 6(e) *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

verband.¹⁹² Diskriminasie teen kinders, wie se omstandighede hulle meer kwesbaar maak, moet ook gestaak word.¹⁹³ Hierdie dokument bepaal dat lidstate hulle bestaande wetgewende maatreëls rakende seksuele misdrywe moet hersien ten einde 'n billike verhoor vir beide die beskuldigde en die slagoffer te verseker.¹⁹⁴ Regs- sowel as administratiewe procedures moet só gestruktureer word dat dit voorkeur verleen aan kinders wat slagoffers van geweld is.¹⁹⁵ Die slagoffer moet ook ingelig word rakende dienste wat tot hulle beskikking is.¹⁹⁶ Toeganklike, doeltreffende en spoedige dienste van diensverskaffers soos die polisie, maatskaplike dienste, gesondheidsdienste en vervolgingsdienste, moet ook aan die slagoffer verseker word.¹⁹⁷ Diensverskaffers moet die nodige opleiding ontvang om te verseker dat die grootste sorg aan die dag gelê word wanneer daar met so 'n slagoffer gewerk word.¹⁹⁸

Volgens die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling berus daar nie net 'n verpligting op die staat en diensverskaffers ten aansien van die regte, soos vervat in die Dienshandves, nie maar op die slagoffers van seksuele misdrywe ook.¹⁹⁹ Dit is dus nodig dat die slagoffer die inhoud van sy verantwoordelikhede ten opsigte van hierdie regte verstaan.²⁰⁰ Die Departement van Justisie het 'n lys van die slagoffer se verpligte wat ooreenstem met hul regte soos vervat in die Dienshandves saamgestel

192 Klousule 8 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

193 Klousule 9 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998 van die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children* 1998.

194 Klousule 10 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

195 Klousule 11 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

196 Klousule 16 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

197 Klousule 17 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

198 Klousule 19 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

199 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 *Understanding the South African Victim's Charter* 10.

200 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

ten einde die slagoffer volledig in te lig oor wat van hom of haar verwag word.²⁰¹ Ten aansien van die reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, word daar van die kind as 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf verwag om respek te toon vir alle diensverskaffers; om die polisie in te lig oor hom- of haarself en enige spesiale behoeftes wat hy of sy mag hê. Dit sal verseker dat sy of haar waardigheid gehandhaaf word.²⁰²

2.6 **Gevolgtrekking**

Uit die bovenoemde bespreking kom dit duidelik na vore dat Suid-Afrikaanse nasionale wetgewing wel beskerming bied aan die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, in ooreenstemming met die bepalings van die Dienshandves. Hierdie regte word ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet as fundamentele waardes van elke individu, wat 'n kind insluit, beklemtoon. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens het in 2008 spesiale voorskrifte uitgevaardig ten einde omvattende bepalings rakende die wyse waarop die kinderslagoffers van seksuele misdrywe voor, tydens en na afloop van die verhoor deur die diensverskaffers, polisiebeamptes en aanklaers gehanteer moet word om sekondêre viktimisering te verhoed en om te verseker dat die kind se waardigheid en privaatheid te alle tye met die grootste sorg beskerm word. Daar is ook deur die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling sekere maatreëls daargestel ter beskerming van die kinderslagoffer se waardigheid en privaatheid tydens hofverrigtinge wat onder andere die gebruik van 'n tussenganger en getuiekamers insluit. Vervolgens sal daar ondersoek ingestel word na die reg van die kinderslagoffer om inligting aan te bied asook die reg om inligting te ontvang.

201 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

202 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 *Understanding the South African Victim's Charter* 11.

HOOFSTUK 3

DIE REG OM INLIGTING AAN TE BIED EN TE ONTVANG

3.1 *Inleiding*

In hierdie hoofstuk sal daar ondersoek ingestel word na die reg om inligting aan te bied asook die reg om inligting te ontvang. Daar sal ondersoek ingestel word na die inhoud van die reg en hoe hierdie reg deur die howe uitgelê word. Die nasionale wetgewing sal

ook ondersoek word om vas te stel tot watter mate hierdie reg in Suid-Afrikaanse wetgewing vervat word. Daar sal laastens ondersoek ingestel word na wat hierdie reg kragtens die Dienshandves behels.

3.2 Die Grondwetlike posisie

Die Grondwet vervat die kind se reg op vryheid van uitdrukking. Hierby inbegrepe is die reg op vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra.²⁰³ In die *De Reuck-saak*²⁰⁴ het die Konstitusionele Hof bevind dat die besit van kinderpornografie beskerm word deur artikel 16(1)(b) van die Grondwet en dat wetgewing wat 'n verbod plaas op die besit van kinderpornografie 'n beperking is van die grondwetlike reg op vryheid van uitdrukking. Die Hof het egter beslis dat die reg nie absoluut geld nie en dat dit wel onderworpe is aan beperkings wat regverdigbaar is in terme van artikel 36 van die Grondwet.

Die reg op toegang tot inligting sluit ook in die reg om toegang tot inligting te verkry wat deur die staat of 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte van die betrokke individu benodig word.²⁰⁵ Wanneer 'n individu eise stel met betrekking tot sy of haar reg op inligting is dit gewoonlik gegrond op die idee dat elke persoon geregtig is op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word en wat 'n impak op hom of haar sal hê.²⁰⁶ Dit omsluit inligting wat spesifiek oor die versoeker van die inligting handel, en meer spesifiek die inligting wat deur die staat gebruik word om besluite rakende die versoeker van hierdie betrokke inligting te neem.²⁰⁷ Volgens Currie en De Waal bestaan daar 'n noue verband tussen die reg op toegang tot inligting en die reg op vryheid van uitdrukking. Die reg op toegang tot inligting wat deur 'n openbare instelling gehou word, is fundamenteel tot die deursigtigheid en openbare

203 A 16(1)(b) *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

204 *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling* 2004 1 SA 406 (KH) par 49.

205 Artikel 32(1)(a)-(b) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

206 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 684

207 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 684

aanspreeklikheid.²⁰⁸ Die reg op toegang tot inligting beperk die willekeurige gedrag van regeringsorganisasies en dra by tot die bevordering van 'n oop en demokratiese samelewing. Artikel 32 van die Grondwet maak inligting wat deur 'n openbare organisasie gehou word op 'n 'reg om te weet'-basis aan die publiek beskikbaar, wat beteken dat lede van die publiek die reg het op toegang tot die betrokke inligting, tensy daar goeie redes vir die weerhouding daarvan bestaan.²⁰⁹ Inligting wat deur openbare instellings gehou word, moet beskou word as openbare inligting en moet daarom toeganklik wees vir enige individu, tensy die bekendmaking daarvan daartoe sal lei dat die regeringsbelange of 'n ander individu se regte skade sal ly.²¹⁰ Waar inligting deur 'n private organisasie gehou word, behoort sodanige inligting slegs aan 'n individu toeganklik gemaak word indien die versoek geregtig kan word deur die verskaffing van redes waarom die inligting benodig word.²¹¹ Die enigste rede wat deur die Grondwet erken word as genoegsame regverdiging vir die plasing van die openbaringsplig op die betrokke private organisasie is dat die betrokke inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van 'n individu se regte.²¹² Die bepalings is in ooreenstemming met die staat se internasionale verpligte wat voortspruit uit die ratifisering van die UDHR en die CRC.

Ingevolge die UDHR word daar aan elke persoon die reg op vryheid van opinie en uitdrukking verleen. Hierdie reg sluit die reg op vryheid in om opinies sonder inmenging te handhaaf en ook die reg om idees en inligting van enige aard aan te vra, te ontvang en aan te bied deur middel van enige medium.²¹³ Die formulering van artikel 19 van die UDHR toon dat die reg tot vryheid van uitdrukking omvattent van aard is.²¹⁴ Die reg om inligting en idees oor te dra is die mees voor die hand liggende aspek van die reg op vryheid van uitdrukking.²¹⁵ Artikel 13 van die CRC verleen aan elke kind die reg op vryheid van uitdrukking; hierdie reg omsluit die reg om alle soorte inligting en idees te

208 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 684.

209 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 685.

210 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 694.

211 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 694.

212 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 695.

213 Artikel 19 *Universal Declaration on Human and People's Rights* 1948 .

214 Article 19 Global Organization 2013 <http://www.article19.org/pages/en/key-aspects.html>.

215 Article 19 Global Organization 2013 <http://www.article19.org/pages/en/key-aspects.html>.

soek, te ontvang en te deel ten spyte van enige grense, hetsy mondelings, skriftelik of in die vorm van kuns, of deur enige ander media van die kind se keuse.²¹⁶ Artikel 17 handel oor die staat se verpligting om die kind se reg op toegang tot inligting te respekteer, te beskerm en te bevorder.²¹⁷ Die Komitee van die CRC het in Algemene Kommentaar 9 bepaal dat hierdie artikels kinders as objekte van regte vestig en dat 'n kind geregtig is om die betrokke regte op sy of haar eie, in ooreenstemming met sy of haar ontwikkelende vermoëns, uit te oefen.²¹⁸ Die Komitee was van mening dat die vervulling van 'n kind se reg op toegang tot inligting, tot 'n groot mate in ooreenstemming met artikel 17, 'n voorvereiste vir die doeltreffende verwesenliking van die reg op vryheid van uitdrukking is.²¹⁹

3.3 Nasionale wetgewing

3.3.1 Die Children's Act 38 van 2005

Ingevolge die *Children's Act 38 van 2005* moet 'n kind ingelig word van enige aksie of beslissing wat geneem is in 'n aangeleentheid betreffende die kind.²²⁰ Artikel 13 van die Wet omsluit die reg van die kind op toegang tot inligting rakende gesondheidsorgdienste.²²¹ Die reg word uitgebrei deur artikel 132 van die Wet wat bepaal dat die kind berading moet ontvang vóór en ná MIV-toetsing. Die kind het die reg om dan ingelig word oor die uitslae van die MIV-toetse.²²² Artikel 117 verleen aan die kind die reg om op die voorgeskrewe wyses toegang te verkry tot Deel A van die Nasionale Kinderbeskermingsregister.²²³ Alhoewel die Kinderhawe nie oor die jurisdiksie beskik om strafregtelike aangeleenthede met betrekking tot 'n kind te bereg nie,²²⁴ is die algemene beginsels soos vervat in die *Children's Act* steeds gerig op die regulering van die implementering van alle wetgewing en aksies met betrekking tot 'n

216 A 13(1) *United Nations Convention on the Rights of the Child* 1995.

217 A 17 *United Nations Convention on the Rights of the Child* 1995.

218 Die Komitee van die *Convention on the Rights of the Child* 2009 Algemene Kommentaar 12.

219 Die Komitee van die *Convention on the Rights of the Child* 2009 Algemene Kommentaar 12.

220 A 6(5) *Children's Act* 38 van 2005.

221 A 13(1) *Children's Act* 38 van 2005.

222 A 133 *Children's Act* 38 van 2005.

223 A 17(1) *Children's Act* 38 van 2005.

224 Artikels 45(1)(f) en 45(2)(b) *Children's Act* 38 van 2005.

kind.²²⁵

3.3.2 Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007

Hoofstuk 5 van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)*, 32 van 2007 (hierna die *Strafregwysigingswet*) word gewy aan die dienste wat aan 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf verleen moet word met betrekking tot die verkryging van nabootstellingsprofilakse (hierna PEP) en ook die toetsing van die oortreder vir MIV. Hier word die gevalle uiteengesit waaronder die slagoffer geregtig is op die gratis toediening van die PEP-behandeling.²²⁶ Die Wet bepaal ook die verpligte wat op die persoon waarby die klag gelê is berus om die slagoffer in te lig van die belangrikheid van die PEP-behandeling.²²⁷

Die betrokke polisiebeampte moet die slagoffer bewus maak van die noodsaaklikheid om mediese advies en bystand aangaande die moontlikheid van ander seksueel oordraagbare infeksies asook die belangrikheid van die toediening van PEP te bekom, alvorens dit toegedien word,²²⁸ en dat hierdie dienste gratis is.²²⁹ Die persoon moet ook die slagoffer van 'n lys name en adresse van gesikte staatsinstellings voorsien waar hy of sy die PEP-behandeling sal kan verkry.²³⁰

In die Wet word daar verder bepaal wie aansoek mag doen vir die verpligte MIV-toetsing van die oortreder asook die wyse waarop hierdie aansoek moet geskied.²³¹ Die

225 Sien par 2.3.1. Sien ook a 6(1) *Children's Act* 38 van 2005.

226 A 28(2) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

227 A 28(3)(a) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

228 A 28(3)(a)(ii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

229 Artikels 28(1)(a)(ii) en 28(3)(a)(ii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

230 A 28(1)(a)(iii) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

231 Kragtens artikel 30 van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007, kan so 'n aansoek deur die slagoffer self of 'n belanghebbende

beweerde oortreder moet so spoedig as wat redelikerwys doenlik is nadat so 'n aansoek toegestaan is, 'n kennisgewing ontvang waarvan die inhoud aan hom verduidelik moet word.²³² Die uitslae van die MIV-toets moet dan ook vertroulik gehou word. Slegs die slagoffer, aanklaer en oortreder is geregtig op die inhoud daarvan.²³³ Ingevolge die *Strafregwysigingswet* is dit die plig van die ondersoekbeampte om die slagoffer of belanghebbende persoon so spoedig moontlik in te lig of die aansoek vir die MIV-toetsing van die beskuldigde toegestaan is al dan nie, asook die redes in dié verband.²³⁴ Kragtens artikels 34, 36 en 37 van die Wet word die gebruik van die toetsuitslae tot die doel beperk om die slagoffer of belanghebbende persoon in te lig oor die uitslae van die MIV-toets.²³⁵

Die Nasionale voorskrifte uitgereik deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens²³⁶ bevat omvattende bepalings rakende die wyse waarop slagoffers voor, tydens en na die afloop van die verhoor deur die polisiebeamptes gehanteer moet word.²³⁷ Nasionale Instruksie 5 handel oor slagofferbystand. Dit skryf aan die polisielid by wie die seksuele misdryf aangemeld word voor om te luister na wat die slagoffer sê, sonder om hom of haar in die rede te val,²³⁸ en om alle inligting wat die slagoffer weergee, neer te skryf, aangesien dit getuienis kan wees wat die polisie in die ondersoek kan help.²³⁹ Dit skryf verder aan die lid voor hoe hy te werk moet gaan om die verklaring van die slagoffer af te neem en dat hy die slagoffer die geleentheid moet gun om sy of haar weergawe volledig te verduidelik.²⁴⁰ Dit bepaal ook verder dat die betrokke lid die slagoffer so gou as moontlik moet inlig oor die saaknommer, asook die

persoon gedoen word. Artikel 32 van die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007, bepaal dat die ondersoekbeampte 'n aansoek kan rig in die verband.

232 A 30(4) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007. 32

233 A 32(5) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007. 32

234 A 31(5)(a) *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007.

235 Artikels 34(a), 36(a) en 37(1)(a) *Strafproseswet* 51 van 1977.

236 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008

237 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008

238 Nasionale Instruksie 5(3)(f) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

239 Nasionale Instruksie 5(3)(g) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

240 Nasionale Instruksie 5(4)-(5) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

prosedures wat na die aanmelding gevvolg sal word en waarom die prosesse nodig is om die slagoffer in staat te stel om die prosedure te verstaan en die vertroue van die slagoffer in die strafregstelsel te vestig.²⁴¹

Die slagoffer moet verder ingelig word oor die dienste wat aan hom of haar beskikbaar is,²⁴² die bestaan van die getuiebeskermingsprogram en wat die program behels,²⁴³ asook die belangrikheid om 'n mediese ondersoek te ondergaan, wat die toetsing van MIV op beide die slagoffer en die oortreder asook die toediening van die PEP-behandeling insluit, en dat die ondersoek op staatsonkoste gedoen sal word.²⁴⁴ Die slagoffer moet ook ingelig word dat die toetsuitslae vertroulik gehou sal word, asook van die wyse waarop hy of sy of 'n belanghebbende persoon toegang tot die toetsuitslae van die oortreder kan verkry.²⁴⁵

Nasionale Instruksie 10 handel oor die mediese ondersoek van die slagoffer. Dit handel oor die belangrikheid daarvan om die slagoffer in te lig oor die toetsing vir MIV en die toediening van die PEP-behandeling, die doel van die ondersoek en die prosedures wat in hierdie verband gevvolg word.²⁴⁶ Die instruksie bepaal dat, indien die slagoffer van die seksuele misdryf 'n kind is, die ondersoekbeampte die voorgemelde inligting volledig aan die ouers of voogde van die kind moet oordra; dat die ouers moet toestem tot die mediese ondersoek; en dat hulle geregtig is om die kind gedurende die ondersoek by te staan.²⁴⁷

Nasionale Instruksie 15 handel oor die rekordhouding van die uitslae van MIV-toetsing. Dit skryf aan die betrokke lede voor hoe die beweerde seksoortreder se MIV-toetsuitslae geliasseer moet word,²⁴⁸ asook wie geregtig is om toegang tot hierdie

241 Nasionale Instruksie 5(9)-(10) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

242 Nasionale Instruksie 5(11) asook Nasionale Instruksie 11 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

243 Nasionale Instruksie 5(9)-(10) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

244 Nasionale Instruksie 5(11) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

245 Nasionale Instruksie 14(4)-(5) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

246 Nasionale Instruksie 10(5)(a)-(e) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

247 Nasionale Instruksie 10(8)(a)-(b) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

248 Nasionale Instruksie 15(2) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

inligting te verkry, waarby die slagoffer ingesluit word. Dit skryf ook voor dat waar die slagoffer 'n kind is, moet die uitslae aan die ouers, voog of belanghebbende persoon bekend gemaak word.²⁴⁹ Die omstandighede waaronder, asook die wyse waarop, hierdie inligting aan aanklaers bekendgemaak mag word, word ook hier hanteer.²⁵⁰ Die slagoffer moet ook op 'n gereelde basis oor die vordering met die ondersoek ingelig word.²⁵¹

Nasionale Instruksie 8 handel oor die stappe wat gedoen moet word om die misdaadtoneel te beveilig. Hier word die verpligting op die polisiebeampte geplaas om die slagoffer in te lig dat sy of haar liggaam as die misdaadtoneel beskou word. Die polisielid moet ook aan die slagoffer volledig verduidelik wat as bewysstukke beskou word en wat sy of hy mag en nie mag doen totdat die mediese ondersoek voltooi is nie.²⁵² Nasionale Instruksie 9 handel oor die verpligting van die ondersoekbeampte om die slagoffer te verwittig van die procedures wat hy of sy sal moet ondergaan. Hy moet ook die slagoffer inlig wat sy rol as die ondersoekbeampte is en hoe hy of sy bystand aan die slagoffer sal bied.²⁵³ Dit sit ook die wyse uiteen waarop die ondersoekbeampte inligting van die slagoffer moet verkry.²⁵⁴ Dit skryf ook aan die ondersoekbeampte voor dat die slagoffer ingelig gehou moet word oor die vordering van die ondersoek en of die verdagte gearresteer is, op borgtog vrygelaat is, en datums van die hofverskynings.²⁵⁵ Die slagoffer moet ook ingelig word oor die kontakbesonderhede van die ondersoekbeampte en aangemoedig word om die ondersoekbeampte te kontak om inligting aan hom of haar rakende die seksuele misdryf te voorsien.²⁵⁶

Nasionale Instruksie 18 handel oor die afneem van 'n indiepte-verklaring van die slagoffer. Hierdie instruksie reguleer die wyse waarop die verklaring afgeneem moet

249 Nasionale Instruksie 15(2)(C) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

250 Nasionale Instruksie 15(4) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

251 Nasionale Instruksie 5(11) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

252 Nasionale Instruksie 8(1) en (2) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008. Hierdie bewysstukke is onder andere toiletpapier, enige sanitêre materiaal, klere en onderklere.

253 Nasionale Instruksie 9(2)(a) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

254 Nasionale Instruksie 9(2)(c)-(d) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

255 Nasionale Instruksie 9(2)(e) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

256 Nasionale Instruksie 9(2)(e)-(f) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

word, asook die tydsgrens waarbinne die verklaring afgeneem moet word ten einde te verseker dat die gebeure nog vars in die geheue van die slagoffer is en dat die inligting doeltreffend oorgedra word.²⁵⁷ Dit skryf aan die ondersoekbeampte voor hoe om die slagoffer voor te berei vir die afneem van sy of haar verklaring,²⁵⁸ wie tydens die neem van die verklaring teenwoordig mag wees,²⁵⁹ hoe hy te werk moet gaan om die intieme besonderhede by die slagoffer te kry en ook dat hy die slagoffer moet inlig oor die belangrikheid daarvan dat hy of sy niks moet wegsteek nie.²⁶⁰

Hierdie instruksie bevat 'n aanhangsel bekend as Aanhangsel F wat spesifieke riglyne daarstel wat deur die ondersoekbeampte gevolg moet word indien hy 'n verklaring van 'n kinderslagoffer van 'n seksuele misdryf afneem.²⁶¹ Dit bepaal onder andere dat die ondersoekbeampte voor die afneem van die verklaring van die kinderslagoffer moet vasstel of die kind die betekenis van 'n eed of 'n plegtige verklaring verstaan.²⁶² Dit verskaf ook aan die ondersoekbeampte riglyne en voorbeeldteken ten einde te kan vasstel of die betrokke kinderslagoffer tussen die waarheid en 'n leuen kan onderskei.²⁶³ Dit skryf ook aan die betrokke polisiebeampte voor om 'n tolk te kry wat in die taal en op dievlak van die kinderslagoffer kan kommunikeer.²⁶⁴ Die riglyne sit ook die struktuur en vereistes van die beëdigde verklaring uiteen en vereis dat elke bladsy van die verklaring deur die polisiebeampte wat die verklaring neem, die kind, die tolk en die ouer, voog of bevoegde volwassene geparafeer moet word.²⁶⁵ In die geval waar die betrokke kinderslagoffer onder die ouderdom van sewe jaar is en nie sy of haar naam kan neerskryf nie, maar in staat is om die gebeure rakende die seksuele misdryf kronologies

257 Nasionale Instruksie 18(1) 9(2)(e)-(f) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

258 Nasionale Instruksie 18(2)(a) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

259 Nasionale Instruksie 18(2)(b) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

260 Nasionale Instruksie 18(2)(c) en (d) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

261 Aanhangsel F tot Nasionale Instruksies 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

262 Aanhangsel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008. Slegs in uitsonderlike gevalle, waar 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar is en die eed of plegtige bevestiging kan verduidelik aan die polisiebeampte wat die verklaring neem, mag sodanige verklaring beëdig of plegtig bevestig word.

263 Aanhangsel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008, 3. Voorbeeldteken wat aan 'n kinderslagoffer gestel word vir doeleindeste hiervan is tipiese waar of vals vra soos bv. Om 'n stelling aan die kinderslagoffer te maak dat die son nie in die dag skyn nie, dan moet die slagoffer sê of dit die waarheid of 'n leuen is.

264 Aanhangsel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008

265 Aanhangsel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008, 2.

en volledig aan die beampte weer te gee, moet die betrokke beampte na afloop van die onderhou wat met die kind gevoer is, self 'n verklaring oor die inhoud daarvan aflê.²⁶⁶ Die betrokke ondersoeknotas moet ter ondersteuning aan die verklaring geheg word.²⁶⁷

Nasionale Instruksie 21 handel oor die voorbereiding van die slagoffer vir hofverrigtinge. Dit plaas 'n verpligting op die ondersoekbeampte om die slagoffer ingelig te hou oor enige verwikkelinge in die saak; verder moet die ondersoekbeampte die slagoffer voorberei vir die hofsaak deur aan hom of haar te verduidelik hoe die hofprosedures werk, en wat om tydens die verrigtinge te verwag. Die ondersoekbeampte moet ook die slagoffer inlig oor die bepalings, die implikasies en uitwerking van artikel 153 van die *Strafproseswet*, 51 van 1977 wat handel oor die omstandighede waarin die verrigtinge nie in 'n ope hof hoef te geskied nie.²⁶⁸ Waar die ondersoekbeampte met 'n kinderslagoffer werk, moet hy of sy 'n impakverklaring verkry van 'n ouer, voog, sielkundige, maatskaplike werker of enige ander persoon wat kan getuig oor hoe die seksuele misdryf die kinderslagoffer se lewe geraak het.²⁶⁹ Nasionale Instruksie 22 handel oor die bystand van die slagoffer gedurende die hofverrigtinge. Dit skryf aan die ondersoekbeampte voor om die slagoffer se beëdigde verklaring voor die verhoor aan hom of haar te oorhandig om deur te lees ten einde sy of haar geheue rakende die betrokke gebeure te kan verfris.²⁷⁰ Die ondersoekbeampte moet die kinderslagoffer of sy of haar ouers of voogde inlig dat sy of haar identiteit ingevolge artikel 335A van die *Strafproseswet* nie gepubliseer mag word nie en dat enige sodanige publikasie op 'n misdryf sal neerkom.²⁷¹ Die moontlikheid van die uitstel van die verrigtinge moet ook aan die slagoffer of sy of haar ouers of voog verduidelik word.²⁷²

3.3.3 *Die Strafproseswet 51 van 1977*

266 Aanhangesel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008, 1.

267 Aanhangesel F tot Nasionale Instruksie 3/2008 GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008, 1.

268 Nasionale Instruksie 21(2) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008. Artikel 153 van die *Strafproseswet* 51 van 1977 handel oor die omstandighede waaronder 'n slagoffer sy of haar getuienis agter geslote deure kan aanbied.

269 Nasionale Instruksie 21(4) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

270 Nasionale Instruksie 22(1) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

271 Nasionale Instruksie 22(2) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

272 Nasionale Instruksie 21(3) GK R865 in SK 31330 van 15 Augustus 2008.

Artikel 299A van die *Strafproseswet* verleen aan die slagoffer die reg om vertoë te rig in sekere sake met betrekking tot die uitplasing van die beskuldigde op parool, op dagparool of onder korrektiewe toesig.²⁷³ Die bepaling plaas ook 'n verpligting op die betrokke hof en polisiebeamptes om die slagoffer in te lig oor sy of haar regte tydens die paroolverrigtinge.²⁷⁴

3.3.4 *Die Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998*

Ingevolge artikel 10 van die Bylae van die *Wet op Getuiebeskerming*, 112 van 1998 kan 'n kind teen wie 'n seksuele misdryf gepleeg is onder getuiebeskerming geplaas word. Wanneer die kinderslagoffer in bewaring geplaas word, moet 'n beskermingsooreenkoms opgestel word wat die kind of ouer en voog van die kind ten volle inlig oor wat die beskerming behels asook watter dienste daarmee gepaardgaan.²⁷⁵

3.3.5 *Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000*

Die Grondwet vereis dat nasionale wetgewing verorden moet word om aan die reg op toegang tot inligting gevolg te gee, en om voorsiening te maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.²⁷⁶ Die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting*, 2 van 2000 (hierna PAIA) het uit hierdie verpligting voortgespruit.²⁷⁷ PAIA gee uitvoering aan die bepalings van artikel 32 van die Grondwet deur uit te brei op die grondwetlike reg op toegang tot inligting, deur die reg te beperk, asook deur die mechanismes vir die beskerming en handhawing van die reg op toegang tot inligting te verskaf.²⁷⁸ Artikel 11 van PAIA handel onder meer oor die reg van toegang tot die rekords van openbare liggame en die prosedure vir die verkryging

273 A 299A(2) *Strafproseswet* 51 van 1977.

274 A 299A(1)(f)(i) *Strafproseswet* 51 van 1977.

275 A 11(4)(b)(ix) *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998.

276 A 32(2) *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

277 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 687.

278 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 687. A 9 *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting* 2 van 2000 wat die oogmerke van PAIA omvat.

daarvan.

Kragtens artikel 1(ff) van die *Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid*, 3 van 2000 (hierna PAJA) is die besluit om te vervolg of met 'n vervolging voort te gaan nie onderworpe aan hersiening kragtens daardie Wet nie. In *Democratic Alliance v Acting National Director of Public Prosecutions* het die hof beslis dat die beslissing van die NDOV om nie met 'n openbare vervolging voort te gaan nie, in elk geval kragtens die legaliteitsleerstuk hersienbaar is, omdat die NDOV 'n openbare plig uitvoer.²⁷⁹ Die hof het beslis dat 'n politieke party (wat in eie belang en in die belang van die gemeenskap optree) geregtig is op sekere inligting waarop die besluit van die NDOV om nie met die vervolging voort te gaan nie ten einde te bepaal of daar gronde is om die beslissing te hersien.²⁸⁰ Navsa AR het ook *obiter* beslis dat die besluit om nie voort te gaan met 'n vervolging nie moontlik van dieselfde genus is as die beslissing om te vervolg of om met 'n vervolging voort te gaan. In *National Director of Public Prosecutions v Zuma* het Harms AR egter *obiter* beslis dat die besluit om nie te vervolg nie wel kragtens PAJA hersien kan word - 'n benadering wat onlangs deur die Suid-Gautengse Hoë Hof ondersteun is.²⁸¹ Wat egter belangrik is, is dat die slagoffer van seksuele misdrywe die nodige inligting van die vervolgingsgesag kan bekom om te bepaal of die besluit om die beweerde oortreder te vervolg of nie te vervolg nie (of voort te gaan met die vervolging of die vervolging te staak) rasioneel was al dan nie en, indien nie, die besluit op hersiening te kan neem.

In *PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd* het Jafta R beslis dat PAIA uitgevaardig is ten einde gevolg te gee aan die reg op toegang tot inligting, ongeag of daardie inligting in die hande van 'n openbare liggaam of 'n private persoon is.²⁸² Volgens grondwetlike beginsels behoort alle eise vir die handhawing van

279 *Democratic Alliance v Acting National Director of Public Prosecutions* 2012 (3) SA 486 (SASV) par 24,37 en 44.

280 *National Director of Public Prosecutions v Zuma* 2009 2 SA 227 (HHA).

281 *Freedom Under Law v National Director of Public Prosecutions* 2013 ZAGPPHC 270 par 124 -132.

282 *PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd* 2013 1 SA 1 (KH) par 16.

die reg op toegang tot inligting gegrond te wees op die bepalings van PAIA.²⁸³ Die hof het beslis dat daar wel gevalle bestaan wanneer PAIA nie toepassing kan vind nie en dat die vereistes waar PAIA nie mag geld nie in artikel 7(1) van die Wet uiteengesit word:²⁸⁴

It is plain from its language that the section lays down three conditions which must be met if the application of PAIA is to be denied. First, access to information must be sought for the purpose of civil or criminal proceedings. Second, the request must be made after the commencement of the proceedings. And third, access to the record or information must be provided for in another law. In determining whether each condition has been satisfied, it is important to keep in mind the purpose served by the exclusion. Regarding this, the Supreme Court of Appeal rightly said: The purpose of section 7 is to prevent PAIA from having any impact on the law relating to discovery or compulsion of evidence in civil and criminal proceedings. In the event that the production of or access to the record is provided for in any other law then the exemption takes effect. The legislature has framed section 7 in terms intended to convey that requests for access to records, made for the purpose of litigation, and after litigation has commenced, should be regulated by the rules of court governing such access in the course of litigation.

Artikel 7(1) van PAIA bepaal dat hierdie Wet nie van toepassing is op 'n rekord van 'n openbare liggaam of privaatliggaam nie indien daardie rekord vir doeleindes van straf- of siviele verrigtinge aangevra word; dit aldus versoek word ná die aanvang van daardie straf- of siviele verrigtinge, na gelang van die geval; en die voorlegging van of toegang tot daardie rekord vir die doeleinde bedoel in paragraaf (a) in enige ander reg gereël word.²⁸⁵ Jafta R het beslis dat in gevalle waar 'n versoek gemaak word om toegang tot inligting wat nodig is vir hangende hofverrigtinge te verkry PAIA slegs toepassing sal vind alvorens 'n hofdatum vasgestel is.²⁸⁶ PAIA behoort dus as vertrekpunt te dien ten einde die reg op toegang tot inligting af te dwing, tensy die toepassing daarvan op 'n bepaalde situasie spesifiek uitgesluit word.

283 *PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd* 2013 1 SA 1 (KH) par 4.

284 *PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd* 2013 1 SA 1 (KH) par 20 en 21.

285 A 7(1)(a)-(c) Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000.

286 *PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd* 2013 1 SA 1 (KH) par 29.

3.4 Die Dienshandves

Ingevolge die Dienshandves sluit die reg om inligting aan te bied, die reg van die slagoffer in om inligting aan te bied tydens die kriminele ondersoek en die verhoorprosedures. Tydens die ondersoek, vervolging en paroolverhoor, is dit die plig van die polisie, aanklaer en die amptenary van Korrektiewe Dienste om te verseker dat enige bydrae wat die slagoffer wil maak, aangehoor en in oorweging geneem sal word. Die oorweging moet geskied tydens besluitneming of daar met die ondersoek voortgegaan moet word, of gedurende die verloop van die vervolging of paroolraadverhoor.²⁸⁷ Die reg verleen aan die slagoffer die reg om deel te neem aan die strafverrigtinge deur die verhoorprosedures, waar nodig en moontlik, by te woon. Die verrigtinge sluit die borgtoggverhoor, die verhoor, vonnisoplegging en die Paroolraadverhoor in. Die reg verleen aan die slagoffer die reg om 'n verdere verklaring by die polisie af te lê indien die slagoffer van mening is dat die eerste verklaring onvolledig was. Dit omsluit die slagoffer se reg om 'n verklaring voor die hof af te lê of om tydens vonnisverrigtinge te getuig om sodoende die hof se aandag op die erns van die misdryf te vestig. Dit behels ook die reg van die slagoffer om 'n skriftelike aansoek tot die voorsitter van die Paroolraad te rig om die paroolverhoor by te woon en skriftelike vertoe voor te lê.²⁸⁸

Ingevolge die Dienshandves omsluit die reg om inligting te ontvang die reg van die slagoffer in om oor sy of haar regte ingelig te word en ook hoe om die regte uit te oefen. Dit sluit die reg in dat alle onduidelikhede aan die slagoffer verduidelik moet word in 'n taal en op 'n vlak wat vir hom of haar verstaanbaar is. Die slagoffer het die reg om ingelig te word oor die rol wat hy of sy in die saak sal vertolk, asook die tydperk wat die saak ongeveer behoort te duur.²⁸⁹ Die slagoffer moet verder ingelig word oor hofdatums, getuiefooie asook die getuiebeskermingsprogram. Die Dienshandves verleen aan die slagoffer die reg om ingelig te word oor die inhegtenisneming van die

287 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007.*

288 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007.*

289 *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007.*

verdagte, of die verdagte aangekla is, of borgtog toegestaan is en of hy of sy skuldig bevind of gevonnis is. Die slagoffer mag ingevolge die reg ook redes aanvra vir die besluit wat in sy of haar saak geneem is om die oortreder te vervolg al dan nie. Die Dienshandves verleen aan die slagoffer die reg om dokumente te ontvang waartoe hy of sy regtens toegang mag hê. Die reg sluit die reg van die slagoffer in om ingelig te word rakende alle relevante dienste wat aan hom of haar beskikbaar is en ook 'n lys van die diensverskaffers betrokke by die dienste. Die slagoffer moet ook in kennis gestel word welke verrigtinge hy of sy kan of moet bywoon.²⁹⁰

Hierdie bepalings is in ooreenstemming met die staat se verpligte voortspruitend uit die ondertekening van die *United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims and Abuse of Power* 1985. Ingevolge die *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims and Abuse of Power* word die sensitiwiteit van die judisiële en administratiewe procedures, met betrekking tot die behoeftes van die slagoffers gefasiliteer deur maatstawwe in plek te stel om te verseker dat die standpunte en die belang van die slagoffers wat aangebied word in oorweging geneem sal word.²⁹¹ Dit moet gedoen word op die gepaste stadiums van die verrigtinge waar die slagoffer se belang persoonlik geraak word in ooreenstemming met die nasionale strafregstelsel.²⁹² Daar word ingevolge die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children* 1998 geen melding van hierdie reg gemaak nie. Die *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims and Abuse of Power* bepaal dat slagoffers deurlopend ingelig moet word van hulle regte in alle geregtelike procedures in die soek na gerechtigheid.²⁹³ Artikel 6 bepaal dat die sensitiwiteit van judisiële en administratiewe procedures met betrekking tot die behoeftes van die slagoffers gefasiliteer moet word.²⁹⁴ Dit moet gedoen word deur die slagoffers in te lig oor hulle rol in die procedures, die tydsberekening van die hofprosedures, die vordering van die verrigtinge asook die aard en erns van sodanige misdryf wat teen hulle gepleeg is.²⁹⁵

290 Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007.

291 A 5 *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

292 A 6(b) *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

293 A 5 *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

294 A 5 *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

295 A 6(a) *Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* 1985.

Slagoffers moet in kennis gestel word van die beskikbaarheid van gesondheids- en maatskaplike dienste en ander toepaslike hulp wat tot hulle beskikking is.²⁹⁶ Redelike toegang tot hierdie dieste moet aan hulle verleen word.²⁹⁷ Die reg op inligting met betrekking tot diensverskaffers word ook verleen kragtens klousule 16 van die *Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum*. Die toevoegingsdokument bepaal dat alle kinderslagoffers, insluitend dié met gebreke, die reg het om voorsien te word van inligting rakende toeganklike dienste wat tot hulle beskikking is.²⁹⁸

Volgens die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling berus daar nie net 'n verpligting op die staat en diensverskaffers ten aansien van die regte, soos vervat in die Dienshandves nie, maar ook op die slagoffers van seksuele misdrywe.²⁹⁹ Dit is dus nodig dat die slagoffer die inhoud van sy verantwoordelikhede ten opsigte van hierdie regte verstaan.³⁰⁰ Die Departement van Justisie het 'n lys van die slagoffer se verpligte wat ooreenstem met sy of haar regte soos vervat in die Dienshandves saamgestel om die slagoffer volledig in te lig oor wat van hom of haar verwag word.³⁰¹ Ten aansien van die reg om inligting aan te bied en te ontvang word daar van die kind as 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf verwag om die polisie en die aanklaer in te lig as hy of sy nie kan lees of skryf nie; die aanklaer in te lig rakende die wyse waarop die seksuele misdryf hom of haar en sy of haar gesin geraak het; aan die polisie en aanklaers die korrekte inligting te verskaf; om te vra as hy of sy nie enige inligting ontvang nie; om op te tree in ooreenstemming met die inligting wat aan hom of haar verskaf is.³⁰² Tydens die oorweging van die slagoffer se reg om inligting aan te bied is dit belangrik dat die slagoffer verstaan dat daar 'n verpligting op hom of haar berus om

296 A 15 Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power 1985.

297 A 15 Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power 1985.

298 Klousule 16 *The Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development* 1998.

299 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

300 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

301 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

302 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

die korrekte inligting te voorsien. Foutiewe inligting lei dikwels tot vertragings in die ondersoek- en vervolgingsprosedures.³⁰³

3.5 *Gevolgtrekking*

Uit die bovenoemde bespreking kom dit duidelik na vore dat Suid-Afrikaanse wetgewing wel omvattende bepalings bevat, in ooreenstemming met die bepalings van die Dienshandves, rakende die reg om inligting aan te bied en te ontvang. In die Suid-Afrikaanse Grondwet word die kind se reg op vryheid van uitdrukking en die reg op toegang tot inligting as fundamentele waardes beskou. In ooreenstemming met die grondwetlike bepalings is nasionale wetgewing verder verorden in die vorm van PAIA om aan die reg op toegang tot inligting gevolg te gee. Die NDOV het in 2008 spesiale voorskrifte uitgevaardig wat 'n raamwerk aan die diensverskaffers, polisie en aanklaers daarstel rakende die wyses waarop die kinderslagoffer van seksuele misdrywe ingelig moet word oor sy of haar rol, verpligtinge en regte met betrekking tot die ondersoek-, verhoor-, parool- en borgverrigtinge van die betrokke oortreder.

303 Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf.

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING

In ooreenstemming met sy verpligtinge meegebring deur artikel 234 van die Grondwet en die verpligtinge wat voortspruit uit die ratifisering van verskeie internasionale asook streeksinstrumente, het die regering die *Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika* in 2007 aangeneem. Deur die aanname van die Dienshandves het die regering hom tot die regte van slagoffers van seksuele misdrywe verbind. Die Dienshandves verleen sewe regte aan 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf, wat ook die kind as 'n slagoffer insluit. Hierdie regte is: die reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word; die reg om inligting aan te bied; die reg om inligting te ontvang; die reg op beskerming; die reg op bystand; die reg op vergoeding en die reg op restitusie. Vir doeleinades van hierdie skripsie is daar slegs ondersoek ingestel na drie van die regte vermeld in die Dienshandves, naamlik die reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, die reg om inligting aan te bied en die reg om inligting te ontvang. Soos duidelik gevlyk het uit voorafgaande besprekings, stel die Dienshandves geen nuwe regte daar nie. Dit beklemtoon net die reeds bestaande regte van die slagoffers soos vervat in die Grondwet en ander relevante wetgewing.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die kind as 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf se reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, in ooreenstemming met die bepalings van die Dienshandves, deur die Suid-Afrikaanse wetgewende raamwerk beskerm word. Die regte op menswaardigheid en privaatheid word as fundamentele regte deur die Grondwet aan elke persoon, waarby 'n kind ingesluit word, verleen. Alhoewel dié reg nie as sulks deur die Grondwet aan die kind as 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf verleen word nie, is daar talle hofuitsprake met betrekking tot seksuele misdrywe wat teenoor kinders gepleeg is, waar die kind se reg op menswaardigheid en privaatheid die grondslag gelê het vir die howe se beslissings. In 2007 het die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007 in werking getree om te verseker

dat die staat sy internasionale verpligtinge teenoor die kind, wat as besonder kwesbaar beskou word, as 'n slagoffer van 'n misdryfnakom. Hier word die verpligting op die staat geplaas om die beste belang van die kind in alle aangeleenthede met betrekking tot die kind, in ooreenstemming met sy of haar reg op menswaardigheid en privaatheid, te beskerm. In ooreenstemming met die bepalings van die *Strafregwysigingswet* het die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens voorskrifte uitgereik rakende die wyse waarop die polisiebeamtes en betrokke ondersoekbeampte die kinderslagoffer voor, tydens en na die afloop van die strafverrigtinge moet hanteer. Hierdie voorskrifte is spesifiek daarop gemik om die kind se reg om met billikheid en respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word te beskerm en bevat 'n aanhangsel wat spesifiek gemik is op die beskerming van kinderslagoffers van seksuele misdrywe. Die Departement van Justisie het ingevolge die bepalings van die *Strafproseswet* 51 van 1977, maatreëls in plek gestel wat die kind se waardigheid en privaatheid tydens die strafverrigtinge beskerm. Die maatreëls beskerm die kinderslagoffer van seksuele misdrywe se waardigheid en privaatheid deur die kind deur middel van 'n tussenganger, geslotekringtelevisie, of *in camera* te laat getuig. Die voorafgaande voorskrifte is spesifiek in plek gestel om te verhoed dat kinderslagoffers van seksuele misdrywe aan sekondêre viktimisering blootgestel word. Daar is ook verder kragtens die *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998 maatreëls in plek gestel vir die plasing van kinderslagoffers van seksuele misdrywe onder getuiebeskermingsprogramme, met of sonder die toestemming van ouers of voogde. Die *Children's Act* bevat ook omvattende bepalings wat daargestel is om die menswaardigheid en privaatheid van 'n kind te beskerm. Alhoewel die kinderhowe nie oor die jurisdiksie beskik om strafregtelike aangeleenthede met betrekking tot die kind te bereg nie, is die algemene beginsels soos vervat in die *Children's Act* steeds gerig op die regulering van die implementering van alle wetgewing en aksies met betrekking tot 'n kind.

Nadat daar ondersoek ingestel is na die reg om inligting te ontvang en aan te bied binne die Suid-Afrikaanse regsraamwerk, kom dit duidelik na vore dat die kind as 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf se reg om inligting aan te bied en te ontvang grootliks in ooreenstemming met die bepalings van die Dienshandves beskerm word. Die kind as 'n

slagoffer van 'n seksuele misdryf se reg om inligting aan te bied en inligting te ontvang word in die Grondwet omvat as die reg op vryheid van uitdrukking en die reg op toegang tot inligting wat deur die staat of 'n ander persoon gehou word, wat vir die uitoefening of beskerming van 'n individu se regte benodig word. In ooreenstemming met die grondwetlike bepalings is nasionale wetgewing verder in die vorm van PAIA verorden om aan die kinderslagoffer se reg op toegang tot inligting gevolg te gee. Kragtens die *Children's Act* 38 van 2005 word die kind se reg om inligting te ontvang rakende enige aksie of beslissing wat geneem is in 'n aangeleentheid betreffende die kind asook die reg op toegang tot inligting rakende gesondheidsorgdienste uitdruklik vervat. Die bepalings van die *Strafproseswet* 51 van 1977 verleen effek aan die kinderslagoffer se reg om inligting te ontvang en aan te bied tydens die Paroolraadverhoor van die oortreder. Die *Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)* 32 van 2007 wy 'n hoofstuk toe aan die reg van die slagoffer in om ingelig te word rakende alle relevante dienste en ook 'n lys van die diensverskaffers betrokke by die dienste. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens het in 2008 spesiale voorskrifte uitgevaardig wat 'n raamwerk aan die polisie daarstel rakende die wyses waarop die kinderslagoffer van seksuele misdrywe ingelig moet word oor sy of haar rol, verpligte en regte met betrekking tot die ondersoek, verhoor-, parool- en borgverrigtinge van die betrokke oortreder. Hierdie voorskrifte bevat 'n aanhangsel bekend as Aanhangsel F wat spesifieke riglyne daarstel wat deur die ondersoekbeampte gevolg moet word indien hy 'n verklaring van 'n kinderslagoffer van 'n seksuele misdryf afneem. Soos duidelik geblyk het uit die bespreking van die *De Reuck-saak* geld die reg om inligting aan te bied en te ontvang in teenstelling met die reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word egter nie absoluut nie. Al word hierdie regte as grondwetlike regte aan die kinderslagoffer verleen, is dit steeds onderworpe aan beperkinge kragtens die beperkingsklousule.

Dit is dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse regsraamwerk die kinderslagoffers se reg om met billikheid en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word, die reg om inligting aan te bied en te ontvang, bevredigend beskerm in die lig van die vereistes

van die Grondwet, die Dienshandves en die internasionale regsraamwerk. Die aandag moet egter daarop gevestig word dat die betrokke regte van kinderslagoffers in die Suid-Afrikaanse strafregstel, ten spyte van die voorafgaande bepalings, steeds op 'n gereelde basis deur rolspelers soos howe en aanklaers ondermy word. Die feit dat die Polisiestatistiek rakende alle seksuele misdrywe wat teenoor kinders gepleeg is afnames aantoon, asook die onlangse herinstelling van die gespesialiseerde howe vir seksuele misdrywe, dui daarop dat die Suid-Afrikaanse strafregstelsel positiewe vordering in die verwesenliking van die regte van kinderslagoffers van seksuele misdrywe aantoon.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

A

Algemene Kommentaar Nr. 14 (een-en-vyftigste sessie, 2009) "The right of the child to be heard (Article 12 of the Convention)" UN Doc CRC/C/GC/12

B

Benson 2011 *IJRF*

Benson IT "South African Charter of Religious Rights and Freedoms, Constitutional framework, formation and challenges" 2011 *International Journal for Religious Freedom* 125-134

Blake *SALJ*

Blake RC "The world's law in one country." the South African constitutional court's use of public international law" 1998 *SALJ* 668-684

Botha *SAPL*

Botha N "International Law and the South African interim Constitution" 1994 *SAPL* 245-256

C

Calitz 2006 *Obiter*

Calitz J Sections 417 and 418 of the *Companies Act* 61 of 1973 – relevance prevailing over the right to privacy: *Gumede v Subel NO* 2006 3 SA 498 (SCA) 2006 *Obiter* 403-409

Cassim 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*

Cassim F "Seeking access to the confidential records of a third party: the accused's right to a fair trial v the third party's right to privacy" 2009 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 128-149

Centre for Child Law *Justice for Child Victims and Witnesses of Crime*

Centre for Child Law *Justice for Victims and Witnesses of Crime* (PULP Pretoria 2008)

Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook*

Currie I en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 5de uitg (Juta Kaapstad 2005)

D

Dugard *International Law*

Dugard J *International Law - A South African Perspective* 3de uitg (Juta Kaapstad 2005)

G

Goolam *Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value*

Goolam NMI "Human Dignity - Our Supreme Constitutional Value" International Conference on Development in the Contemporary Constitutional State, Potchefstroom University, 2 - 3 November 2000

Goolam 1997 SAPL

Goolam NMI "The interim Constitution, the working drafts and South Africa's new Constitution - some observations" 1997 SAPL 186

H

Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations*

Horn W *South Africa's legal complements with its international obligations in respect of child trafficking* (LLM-verhandeling Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus) 2009)

Horsten *The Social Security Rights of Children*

Horsten DA *The Social Security Rights of Children in South Africa* (LLM-verhandeling Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus) 2004)

J

Jansen van Rensburg en Lamarche *Rights to Social Security and Assistance*

Jansen van Rensburg L en Lamarche L 'Rights to social security and assistance' in Brand en Heyns (eds) *Socio-Economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 151-194

K

Kruger en Reyneke *Journal for Juridical Science*

Kruger HB en Reyneke JM "Sexual Offences Courts in South Africa: Quo Vadis?" 2008 *Journal for Juridical Science* 32-75

M

Maseko *Obiter*

Maseko T "The impact of the principle of separation of power on the development of common law and the protection of the rape victim's rights" 2008 *Obiter* 53-68

Manyathi-Jele *De Rebus*

Manyathi-Jele N ‘Sexual offences courts to be re-established’ 2013 *De Rebus* 10

N

Nyaundi *African Human Rights Law Journal*

Nyaundi PM “Circumcision and the rights of the Kenyan boy-child” 2005 *African Human Rights Law Journal* 171-181

O

Ofodile *The Universal Declaration of Human Rights and the African Child Today: Progress or Problems*

Ofodile UE “The Universal Declaration of Human Rights and the African Child Today: Progress or Problems?” 2009 *American University International Law Review* 37-76

S

Schaffer *International Law*

Schaffer L *Child Law in South Africa: Domestic and International Perspective* (LexisNexis 2011)

Schwikkard en Van der Merwe *Beginsels van die Bewysreg*

Scwikkard PJ en Van der Merwe SE *Beginsels van die Bewysreg* 2de uitg (Juta, Claremont, 2009)

V

Van der Merwe *Aspects of the sentencing process in child sexual abuse cases*

Van der Merwe A *Aspects of the sentencing process in child sexual abuse cases* (LLD-thesis Rhodes Universiteit 2005)

Van der Merwe *Children as Victims and Witnesses* 563-568

Van der Merwe A “Children as Victims and Witnesses” in T Boezaart (ed) *Child Law in South-Africa* (Juta Claremont 2009) 563-568

Viljoen *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child*

Viljoen F “The African Charter on the Rights and Welfare of the Child” in T Boezaart (ed) *Child Law in South-Africa* (Juta Claremont 2009) 331-350

W

Waller *Crime Victims*

Waller I *Crime Victims: Doing Justice to their support and protection* (Helsinki Finland 2003)

Waterhouse *Good Intentions, Questionable Outcomes*

Waterhouse S *The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse: Good intentions, questionable outcomes* (Open Society Foundation Pinelands 2008)

Regspraak

Bernstein v Bester NNO 1996 2 SA 751 (KH)

Bhe v Magistrate, Khayelitsha 2005 1 SA 580 (KH)

B v M 2006 9 BCLR 1033 (W)

Centre for Child Law v Minister of Home Affairs 2005 6 SA 50 (T)

De Reuck v Director of Public Prosecutions (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling) en Ander 2002 12 BCLR 1285 (W)

De Reuck v Director of Public Prosecutions (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling) en Ander 2003 3 SA 369 (W)

De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, en Ander 2004 1 SA 406 (KH)

Democratic Alliance v Acting National Director of Public Prosecutions 2012 3 SA 486 (HHA)

Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development, en Ander 2009 4 SA 222 (KH)

Freedom Under Law v National Director of Public Prosecutions 2013 ZAGPPHC 270

Holtzhausen v Roodt 1997 4 SA 766 (W)

National Director of Public Prosecutions v Zuma 2009 2 SA 227 (HHA)

PFE International v Industrial Development Corporation of South Africa Ltd 2013 1 SA 1

S v Makwanyane en 'n Ander 1995 (6) BCLR 665 (KH)

S v Mbokhani 2009 1 SACR 533 (T)

Tshabalala-Msimang en 'n Ander v Makhanya en Ander 2008 3 BCLR 338 (W)

Staatspublikasies

Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika 2007

Minimum Diensstandaarde ten opsigte van Misdaadslagoffers

GK R865 SK 31330 van 15 Augustus 2008

Wetgewing

Children's Act 38 van 2005

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Strafproseswet 51 van 1977

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000

Wet op Bevordering van Toegangtot Inligting 2 van 2000

Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998

Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007

Internasionale Instrumente

International Covenant on Civil and Political Rights 1976

International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights 1996

Prevention and Eradication of Violence Against Women and Children Addendum to the 1997 SADC Declaration on Gender Development 1998

United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989

United Nations Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power 1985

United Nations Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention Against Transnational Organized Crime, 2001

Universal Declaration on Human and People's Rights 1948

Streeks Instrumente

African Charter on Human and People's Rights 1981

African Charter on the Rights and Welfare of the Child 1990

Internetbronnen

African Commission on Human and Peoples' Rights Datum Onbekend <http://www.achpr.org/instruments/achpr/subsequent-standards> [datum van gebruik 20 Mei 2012]

Anon 2008 *A decade of victim empowerment* http://www.justice.gov.za/brochure/20081209_Supplement_VictimEmpowerment.pdf [datum van gebruik 30 Maart 2012]

Anon Datum Onbekend *Prevention and Eradication of Violence against Women and Children (Addendum to the SADC Declaration on Gender and Development)* <http://www.achpr.org/instruments/eradication-violence-woman-sadc-addendum> [datum van gebruik 25 Junie 2012]

Anon 2012 *Subsequent standards supplementing the African Charter* <http://www.achpr.org/instruments/achpr/subsequent-standards> [datum van gebruik 30 Julie 2012]

Anon 2012 *Universal Declaration of Human Rights* http://en.wikipedia.org/wiki/Universal_Declaration_of_Human_Rights [datum van gebruik 30 Julie 2012]

Article 19 Global Organization 2013 *Key Aspects* <http://www.article19.org/pages/en/key-aspects.html> [datum van gebruik 18 September 2013]

David Koch 2012 *The UN's Universal Declaration of Human Rights turns 60* http://www.unicef.org/videoaudio/southafrica_46800.html [datum van gebruik 30 Julie 2012]

Departement van Justisie Datum Onbekend *FAQ: Intermediary Services provided in Courts* <http://www.justice.gov.za/faq/faq-sorma-intermediaries.html> [datum van gebruik 29 Mei 2013]

Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2008 *Understanding the South African Victim's Charter- a conceptual framework* http://www.justice.gov.za/vc/docs/2008Understanding%20victims_concept.pdf [datum van gebruik 17 Oktober 2013]

Fuo Datum Onbekend <http://efundi.nwu.ac.za/portals/site/b7006b8cbded49b990b4da729a9cf40d/page/a7dfa3c7-04db-46f8-9208-6174afa127d9> [datum van gebruik 5 Junie 2012]

Peter Baily Datum Onbekend *The Creation of the Universal Declaration of Human Rights* <http://www.universalrights.net/main/creation.htm> [datum van gebruik 2 Augustus 2012]

SAPS 2012 Crime Statistics: April 2011 – March 2012 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2011/crime_stats.htm [datum van gebruik 17 Augustus 2012]

SAPS 2013 Crime Statistics: April 2012 – March 2013 http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/crime_stats.htm [datum van gebruik 18 September 2013]

Vera Institute of Justice Datum Onbekend <http://www.vera.org/content/about-us> [datum van gebruik 15 Julie 2012]